

Kuns en Kultuur Graad 6

By:
Siyavula Uploaders

Kuns en Kultuur Graad 6

By:
Siyavula Uploaders

Online:
< <http://cnx.org/content/col11006/1.1/> >

CONNEXIONS

Rice University, Houston, Texas

This selection and arrangement of content as a collection is copyrighted by Siyavula Uploaders. It is licensed under the Creative Commons Attribution 3.0 license (<http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>).

Collection structure revised: September 8, 2009

PDF generated: February 6, 2011

For copyright and attribution information for the modules contained in this collection, see p. 83.

Table of Contents

1 Kwartaal 1	
1.1 Visuele kuns: Kleur	1
1.2 Om 'n kanon te sing	3
1.3 Om dialoog met 'n maat te ontwikkel	10
1.4 Opwarmings- en vaardigheidsbou	14
2 Kwartaal 2	
2.1 Om rituele te identifiseer	17
2.2 Om die belangrikheid van rituele te verduidelik	23
2.3 Om 'n bepaalde ritueel na te vors	26
2.4 Om maskers as artefakte vir rituele te skep	31
3 Kwartaal 3	
3.1 Historoese agtergrond van die danse van ouer mense	41
3.2 Om kunsvorme in die alledaagse lewe te klassifiseer	44
3.3 Musiek wat swaarkry uitbeeld	48
3.4 Verskillende tipes drama	53
3.5 Kwartaal 4	56
Attributions	83

Chapter 1

Kwartaal 1

1.1 Visuele kuns: Kleur¹

1.1.1 KUNS EN KULTUUR

1.1.2 Graad 6

1.1.3 PERSOONLIKE EN SOSIALE VAARDIGHEDE

1.1.4 Module 1

1.1.5 VISUELE KUNS: KLEUR

Aktiwiteit 1: (individueel)

In die klaskamer is 'n klomp vrugte en/of groente neergesit. Jy moet nou 'n deel daarvan teken en dan verf. Eers moet ons 'n **raampie** maak sodat ons 'n deel kan selekteer wat 'n bevredigende **komposisie** sal uitmaak.

Neem 'n stuk papier, vou dit in twee en knip of skeur:




Figure 1.1

Kyk nou deur die raampie en kies die gedeelte wat jy wil teken. Voordat jy begin teken, beantwoord eers die volgende vrae:

Ek sien nie meer as drie groentes en/of vrugte binne my raampie nie. Waar of vals?

¹This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24307/1.1/>>.

Die groente of vrug met die sterkste kleur is ongeveer in die middel van my raampie. Waar of vals?
Die deel wat ek deur my raampie sien, is nie swaarder of ligter aan die een kant nie. Waar of vals?

- Indien een of meer van hierdie stellings ‘vals’ is, verander dit na ‘waar’ deur die raampie effens te skuif.
- Teken dan slegs daardie gedeelte op jou papier.
- Kies nou enige geometriese vorm, soos byvoorbeeld ‘n sirkel, ‘n vierkant, ‘n reghoek, ensovoorts, en teken dit bo-oor jou tekening. Jy gaan alles wat binne die geometriese vorm is in warm kleure verf en alles buite die geometriese vorm in koue kleure. Vra eers vir Juffrou of Meneer wat warm en koue/koel kleure is.
- Gebruik vervolgens die drie primêre kleure, geel, rooi en blou, om die kleure van die groente en/of vrugte wat jy geteken het, te skilder. Moenie die wit en swart vergeet om die dele wat lig en donker is, aan te dui nie. Jy kan ook ‘n **primêre** kleur met ‘n **sekondêre** kleur meng om ‘n **tersiêre** kleur te kry.

Aktiwiteit 2: (groepwerk/individueel)

- In julle groepies gaan julle nou elkeen een groente- of vrugtesoort, wat eie aan Afrika is, van **papier mâché** (‘n mengsel van stysel of plakpapierlym en opgeskeurde stukkies koerantpapier) maak.
- Gebruik die ronde vorm wat Juffrou of Meneer vir jou gevra het om klas toe te bring en plak ‘n eerste laag van stukkies koerantpapier wat deur die stysel of lym getrek is, daarop. Onthou om die stukkies papier te laat oorvleuel!
- Laat dit eers bietjie droog word en plak dan die tweede laag, ensovoorts. Bou so die vorm van die vrug of groentesoort – hulle is nooit heeltemal rond nie. Jy is dus besig om ‘n **drie-dimensionele** voorwerp te skep. ‘n Drie-dimensionele voorwerp is nie plat of twee-dimensioneel soos ‘n stuk papier nie.
- Wanneer die groente of vrugte droog is, kan dit geverf word. Nou kan julle as groep besluit hoe julle die groente/ vrugte wil rangskik in ‘n houer soos ‘n bak of iets dergeliks. Dit kan ook as rekwisiete vir die drama gebruik word.

1.1.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
DEELNAME EN SAMEWERKING Die leerder is in staat om persoonlike en sosiale vaardighede te toon deur individueel en in groepe aan kuns- en kultuuraktiwiteite deel te neem.
<i>continued on next page</i>

Asseseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
ALGEMEEN t.o.v. 3.1 – 3.6 hieronder, die volgende toon:
<ul style="list-style-type: none"> • samewerking met ander lede van 'n groep gedurende kunsaktiwiteite;
<ul style="list-style-type: none"> • die vermoë om eie bydraes binne groepverband te lewer;
<ul style="list-style-type: none"> • aanvaarding van medeleerders;
VISUELE KUNS (3.6)
<ul style="list-style-type: none"> • hulpbronne en materiaalkeuse deel en die keuse van 'n onderwerp onderhandel vir 'n groepprojek met die klem op:
<ul style="list-style-type: none"> • gesamentlike besluitneming; • aanbieding; • veiligheid; • die omgewing; • kulturele diversiteit;

Table 1.1

1.2 Om 'n kanon te sing²

1.2.1 KUNS EN KULTUUR

1.2.2 Graad 6

1.2.3 PERSOONLIKE EN SOSIALE VAARDIGHEDE

1.2.4 Module 2

1.2.5 OM 'N KANON TE SING

MUSIEK

²This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24308/1.1/>>.

1.2.5.1 Aktiwiteit 1:

1.2.5.2 Om 'n kanon te sing

1.2.5.3 [LU 3.5]

STAP 1

- Hier volg die notasie van die kanon *Viva la Musica*.



Figure 1.2

- Gee 'n grafiese voorstelling van die melodie van al drie frases:

Frase 1	
Frase 2	
Frase 3	

Table 1.2

STAP 2

- Kies die regte beskrywing t.o.v. van die melodie:

Frase 1	Het 'n sprong		Beweeg hoofsaaklik trapsgewys	
Frase 2	Het 'n sprong		Beweeg hoofsaaklik trapsgewys	
Frase 3	Het 'n sprong		Beweeg hoofsaaklik trapsgewys	

Table 1.3

- Kies die regte beskrywing t.o.v. van die ritme:

Frase 1	Voortstuwend		Minder beweging en sinkopasie		Herhaling van vorige frase	
Frase 2	Voortstuwend		Minder beweging en sinkopasie		Herhaling van vorige frase	
Frase 3	Voortstuwend		Minder beweging en sinkopasie		Herhaling van vorige frase	

Table 1.4

STAPPE 3 en 4

- Verdeel in groepe en volg Juffrou se instruksies.
- Die klankkleur verander deurdat **harmonie** gevorm word. Dieselfde harmonie word deurgaans gebruik.

Kies die woord wat die beste pas:		
HARMONIE	RITME	MELODIE
Hoe lank of kort die note is		
Die wysie		
Die saamklink van note		

Table 1.5

1.2.5.4 Aktiwiteit 2:

1.2.5.5 Om 'n twee-stemmige lied te sing en warm en koue klanke te produseer

1.2.5.6 [LU 3.5]

1.2.5.7 STAP 1

- Hier volg 'n tradisionele Zulu-kinderlied: *Siyanibingelela* (Ons groet julle).

SIYANIBINGELELA

Figure 1.3

1.2.5.8 STAP 2

- Verdeel in twee groepe (warm en koud) en volg Juffrou se instruksies om die lied twee-stemmig te kan sing.

1.2.5.9 STAP 3




Figure 1.4

- Probeer die volgende en luister goed na die verskil:

KOUD	WARM
------	------

Table 1.6

Klap met plat hande	Klap met geronde hande
Skud blikkie met klippies	Plaas jou hand bo-op die blikkie en skud dan
Slaan 'n hangende driehoek met 'n metaalstokkie	Hou die driehoek in die hand en slaan dan met die stokkie daarop
Klap jou tande op mekaar - oopmond	Klap jou tande op mekaar – toemond
Helder, skerp oopklanke	Dowwe geslote klanke(meer resonant)

Table 1.7

Voeg nog voorbeelde by , m.a.w. twee verskillende klanke op dieselfde instrument.
STAP 4

- Volg Juffrou se instruksies en voer die lied uit met 'n “instrumentale” tussenspel.

1.2.6 Aktiwiteit 3:

1.2.7 Om twee verskillende liedere te kombineer en te sing as 'n twee-stemmige lied

1.2.8 [LU 3.5]

STAP 1

- Hier volg twee liedere, een Afrikaans en een Engels!

KLEURE

Roel en ge - el en piek en groen Pers o - ran - je en blau -

Ek kan sing in kleu - re sing in kleu - re sing in kleu - re ook.

Figure 1.5

JOHN BROWN

John Brown's bo - dy lies a mould - ring in the grave John Brown's bo - dy lies a -

mould - ring in the grave... John Brown's bo - dy lies a -

mould - ring in the grave, His soul is march - ing on.

Figure 1.6

Dié twee liedere se karakter verskil – albei klink verskillend. Hoekom?

- My persoonlike opinie: (Kies geskikte beskrywing)

Kleure	meer ritmies	meer melodies
Kleure	manlik	vroulik
John Brown	meer ritmies	meer melodies
John Brown	manlik	vroulik

Table 1.8

STAP 2

Verdeel in twee groepe bv. dogters (vroulik en melodies) en seuns (manlik en ritmies).

- Dogters sing *Kleure* en onmiddellik daarna volg seuns met *John Brown*.
- Ons gaan nou die twee liedere kombineer. Lees ? op 'n fluisterstem deur in die twee groepe – volg die polsslag wat Juffrou aangee

?

Rooi en ge-el en pienk en groen Pers o-ran-je en
John Brown's bo-dy lies a-mould-ring in the grave John Brown's bo-dy lies a -

blou - - - Ek kan sing in kleu - re
mould-ring in the grave John Brown's bo-dy lies a -

sing in kleu - re sing in kleu - re ook.
mould-ring in the grave, His soul is march - ing on.

Figure 1.7

STAP 3

- Sing die lied twee-stemmig! Wanneer twee liedere saamgesing word kry ons 'n nuwe lied. Sekere elemente van die musiek moet egter dieselfde wees.

KLEURE	?	JOHN BROWN
	Dieselfde maatsoort Tel 4	
	Dieselfde tempo Vinnig/stadig	
	Dieselfde toonsoort Eindig op dieselfde noot	
	Dieselfde harmonie Noot klink goed saam	

Figure 1.8

1.2.8.1 STAP 4

- Juffrou sal nou 'n begeleiding byvoeg. Kan jy hoor dat dieselfde akkoorde gebruik word, anders sal dit verkeerd klink!

1.2.8.2 STAP 5

- Sing nou ? op *la-la* of ander klanke.

Musiek
 Het sy eie taal!
 Alle mense kan saamsing.
 Musiek is 'n taal vir Suid-Afrika
 Musiek is 'n taal vir die hele wêreld in harmonie!

Figure 1.9

STAP 6

- Probeer die Skoollied of *Nkosi Sikile'i Africa* en *John Brown* saam!

Dit klink nie goed nie!
 Hoekom nie?

. Voltooi die volgende kontrolelys:	JA	NEE
Ek kan <i>John Brown</i> sing		
Ek kan <i>Kleure</i> sing		
Ek kan saam met my groep sing		
Ek kan die tempo hou		

Table 1.9

1.2.9 Assessering

Leeruitkomstes (LUs)
LU 3
<i>continued on next page</i>

DEELNAME EN SAMEWERKING Die leerder is in staat om persoonlike en sosiale vaardighede te toon deur individueel en in groepe aan kuns- en kultuuraktiwiteite deel te neem.
Asseseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
ALGEMEENt.o.v. 3.1 – 3.6 hieronder, die volgende toon:
<ul style="list-style-type: none"> • samewerking met ander lede van 'n groep gedurende kunsaktiwiteite;
<ul style="list-style-type: none"> • die vermoë om eie bydraes binne groepverband te lewer;
<ul style="list-style-type: none"> • aanvaarding van medeleerders;
MUSIEK (3.5)
<ul style="list-style-type: none"> • in 'n groep – kanons, ronde- en tweedelige liedjies vanuit minstens drie kulturele tradisies kan sing en/of speel;

Table 1.10

1.3 Om dialoog met 'n maat te ontwikkel³

1.3.1 KUNS EN KULTUUR

1.3.2 Graad 6

1.3.3 PERSOONLIKE EN SOSIALE VAARDIGHEDE

1.3.4 Module 3

1.3.5 OM DIALOOG MET 'N MAAT TE ONTWIKKEL

DRAMA

1.3.5.1 Aktiwiteit 1:

1.3.5.2 Om dialoog met 'n maat te ontwikkel

1.3.5.3 [LU 3.4]

DIALOOG

Dialoog: tweespraak, samespraak tussen twee of meer persone
Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

³This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24309/1.1/>>.

1.3.5.4 Oefening 1

Laat die leerders die volgende woorde voorstel en dan verbaal daarop reageer:

lente		oggend		son		berge		bries
-------	--	--------	--	-----	--	-------	--	-------

Table 1.11

- Neem kennis dat die stem spontaan sal opgaan.
- Wat ook al verbind is met die opwaartse vloeï van die lewe, van energie en verwondering, geesdrif of vervoering sal die stem laat opgaan.
- Laat die leerders ander woorde en frases ondersoek wat die stem sal laat opgaan.
- Laat die leerders die volgende woorde voorstel en dan verbaal daarop reageer:

begraafplaas		grafte		gemors		stilte		dood
--------------	--	--------	--	--------	--	--------	--	------

Table 1.12

- Wat ook al gebonde is aan die afname van energie, met ongevoeligheid en ontnugtering, sal laer gaan op die klankskaal.
- Laat die leerders ander woorde en frases wat hulle stemme donker sal kleur, ondersoek.
- Omstandighede in die lewe verander die voorkoms van dieselfde frase wat die klem na enige woord verskuif en dus ‘n nuwe kleur aan die frase gee.

1.3.5.5 Oefening 2

- Bied aan die leerders ‘n paar frases en laat hulle die frases op verskillende maniere interpreteer.

Voorbeeld

1.3.5.6 “Vanaand gaan ons wonderlike sang hoor”

- Wanneer ons gelei word deur die betekenis van hierdie frase, sal ons die klem op **sang** plaas.
- Stel jou voor dat hierdie frase gesê word deur ‘n entoesiastiese persoon wie se kamer vol prente van die sanger hang.
- Stel jou voor dat hierdie persoon oorloop van bewondering vir sy sangheld.
- Stel jou voor hoe hierdie entoesias bogenoemde frase sal sê – die klem sal dan op **wonderlik** val.
- Stel jou voor dat hierdie frase deur ‘n bejaarde professor gesê word – vir hom is sang ‘n ernstige en fyn kuns wat die kultuur en kennis van die kunste versinnebeeld.
- Die professor praat met minagting oor baie bekende sangers.
- Die professor sal die frase op ‘n ander manier sê as die entoesias – die klem sal val op **sang**.
- Stel jou voor dat die frase gesê word deur ‘n persoon wat al jare probeer om konserte van hierdie sanger by te woon – die klem sal val op **vanaand**.

1.3.6 Dialoog

- Die dramaturg moet sy materiaal dramatiseer.
- Dit moet tot aksie en gesprek getransformeer word.

1.3.6.1 Oefening 3

- Laat die leerders 'n kort toneel skryf – een folio – oor 'n gesprek tussen twee mense.
- Hulle kan self die karakters kies.
- Groepeer die leerders in pare.
- Laat die leerders die dialoog lees en dan daarop reageer.
- Laat die leerders besluit watter dialoog die beste is.
- Neem die 'wen-dialoog' en laat die leerders dit op verkillende maniere interpreteer – verskillende emosies, stemmings, ens.

1.3.6.2 Aktiwiteit 2:

1.3.6.3 Om 'n lei- en volgmimieksituasie aan te neem

1.3.6.4 [LU 3.4]

MIMIEK

- Mimiek is die tegniek om 'n idee of stemming of karakter uit te beeld deur slegs gebare en liggaams-beweging te gebruik **sonder enige dialoog**.
- Dit hang af van die akteur se vaardigheid hoe hy sy karakter en die omgewing skep deur die fisiese bewegings van sy hele liggaam.

Oefening 4

- Groepeer die klas op in pare.
- Laat die leerders na mekaar kyk.
- Een leerder moet volg, die ander een moet lei.
- Gee verbale opdragte en laat die leerders die instruksies volg terwyl hulle na mekaar kyk, bv. "lig jou regterbeen", "vang 'n bal", "water val op jou kop", "maak jou gesig skoon", ens.
- Beplan die instruksies voor die tyd.

1.3.6.5 Oefening 5

- Gee die leerders vyf minute om 'n kort lei- en volg- mimieksituasie voor te berei.
- Maak seker dat hulle begrip toon vir die bewegings wat hulle moet uitvoer.
- Maak seker dat hulle gebruik maak van die volle omvang van die bewegings wat hulle kan uitvoer.
- Maak seker dat die storie wat hulle uitbeeld, duidelik is.
- Laat hulle die mimiek voor die res van die klas doen.
- Laat die leerders hulle gunsteling mimiekpoging uit die klas kies.
- Laat al die leerders die 'wen-mimiek' doen met die 'wen-paar' as die leiers en die res van die klas wat volg.

Wenke:

- Dit is belangrik om 'n klasstruktuur en -beheer tot stand te bring, veral as die klas groot is.
- Probeer om 'n balans te handhaaf tussen gee en neem, konsentrasie en ontspanning, vryheid en beperking.

- Stel duidelike doelwitte en reëls voor.
- Wees entoesiasies, besorgd en aanmoedigend.
- Moet nie te veel praat nie.
- Lei die leerders om te ontdek en wag vir die oomblik wanneer **dit** gebeur.
- Reageer op die idees en gevoelens van die klas.
- Moedig kreatiwiteit aan.
- Jou opdragte moet kort en duidelik wees.
- Wees goed voorbereid en aanpasbaar.
- Beweeg heelyd tussen die leerders en kyk of hulle die opdragte verstaan en of hulle aanmoediging nodig het.
- Laat die klas altyd op 'n positiewe noot eindig.
- Ondersteun die goeie en probeer foute ignoreer – terugvoering moet konstruktief wees – nie destruktief nie.

1.3.7 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
DEELNAME EN SAMEWERKING Die leerder is in staat om persoonlike en sosiale vaardighede te toon deur individueel en in groepe aan kuns- en kultuuraktiwiteite deel te neem.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
ALGEMEENT.o.v. 3.1 – 3.6 hieronder, die volgende toon:
<ul style="list-style-type: none"> • samewerking met ander lede van 'n groep gedurende kunsaktiwiteite;
<ul style="list-style-type: none"> • die vermoë om eie bydraes binne groepverband te lewer;
<ul style="list-style-type: none"> • aanvaarding van medeleerders;
DRAMA (3.3, 3.4)
<ul style="list-style-type: none"> • gegewe stukkie dialoog saam met 'n maat uitbrei en ontwikkel en die vermoë toon om op 'n maat se idees te “voed” en daarop te reageer;
<i>continued on next page</i>

Table 1.13

1.4 Opwarmings- en vaardigheidsbou⁴

1.4.1 KUNS EN KULTUUR

1.4.2 Graad 6

1.4.3 PERSOONLIKE EN SOSIALE VAARDIGHEDE

1.4.4 Module 4

1.4.5 OPWARMINGS- EN VAARDIGHEIDSBOU

DANS/BEWEGING

Om aan te sluit by die ander dissiplines word daar gefokus op bewegingskwaliteite met die klem op Afrika-bewegings, -ritmes en -danse.

Opwarmings- en vaardigheidsbou

Opwarming

- Opwarming behoort toenemend en getrou gedoen te word. Opwarming behoort die liggaam van berings te vrywaar, soepel te maak, in stand te hou en ook tegniese vaardigheid te ontwikkel. Bewegingskombinasies en bewegingsreekse behoort ingesluit te word.
- Volg die opvoeder se leiding waar 'n reeks opwarmingsoefeninge aan jou voorgestel word. Onthou, herhaling van reekse en korrekte plasing van die liggaam is te alle tye van belang om die liggaam te kondisioneer, soepel te maak en vaardigheid te ontwikkel.
- Jy sal ook die geleentheid kry om jou eie kombinasies en reekse te skep wat ontwerpelemente vir choreografie, soos vinnig, stadig, lig, vloeiend, rukkerig, hoog, laag en stil of rustig, sal insluit.
- Dansopwarming en -oefeninge wat getrou en doelgerig uitgevoer word, kan ook jou liggaam voorberei en versterk vir jou gunsteling sport.

Verken kwaliteit van beweging

In die dinamika van energie is ons gemoeid met die kwaliteit van beweging. Die kwaliteit van beweging sluit die volgende in:

- *swaaiende* - energie wat vrygelaat word met 'n pendulum kwaliteit wat op verskeie maniere uitgevoer kan word;
- *perkussiewe* - energie word vrygelaat in sterk vinnige bewegings met krag- en stopbewegings, bv. karate of boks;
- *gedrae* beweging is 'n volgehoue nie-eindigende beweging, bv. 'n arend wat sweef;
- *trilbeweging* - 'n vinnige ritmiese ontlading van liggaamsenergie (bewe), bv. die gefladder van 'n voëltjie se vlerke;
- *swewende* beweging (*suspensie*) kom voor waar die krag agter die beweging vir 'n kort oomblik staak, bv. daardie gevoel waar die liggaam momenteel "stilstaan" by die klimaks van 'n beweging;
- *opvouende* beweging - 'n natuurlike val of algehele ineensinking na en saamsmelting met die vloer op 'n ontspanne wyse

⁴This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24313/1.1/>>.

Kies 'n primêre kleur vir elk van die bewegingskwaliteite en skep jou eie kombinasie deur enige DRIE bewegingskwaliteite herhaaldelik te gebruik, soos 'n trilbeweging, swaai en suspensie.

Kies 'n maat om mee saam te werk, memoriseer mekaar se bewegings en voer die bewegings gesamentlik uit.

Refleksie (Skryf in jou dagboek of joernaal)

Watter bewegingskwaliteit kan vergelyk word met die Afrika-instrument wat jy in die musiekklas gemaak het?

Hoe kan kleur in beweging uitgebeeld word ?

1.4.6 Aktiwiteit 1:

1.4.7 Om verhoudings te verken deur dans

1.4.8 [LU 3.1, 3.2]

Verken beskrywende woorde deur beweging. Eksperimenteer met die volgende woorde deur skulpturele vorms te maak om die woord te verbeeld. Eksperimenteer en probeer verskeie vorms op verskillende vlakke.

Beskrywende Woorde								
rus	skaduwee	dun	donker	swaar	stilte	groot		
plat	hard	sterk	lig	sag	fyn	hoekig	rond	grof

Table 1.14

- Kies een van die gegewe woorde en maak 'n skulpturele vorm om die woord te verbeeld.
- Kies drie liggaamsvorms: een na aan die vloer, een hoog en een op medium vlak.
- Herhaal hierdie vorms om die beurt totdat die liggaam met gemak van die een vorm na die ander vorm vloeiend beweeg.
- Las die vorms met bewegende aksies (lokomotories) soos 'n draai, 'n glybeweging of 'n sprong (bv. 'n vorm op hoë vlak: 'n draai; 'n vorm op lae vlak: rol; 'n vorm op middel vlak: 'n sprong. Herhaal dit verskeie kere.).
- Kies drie kontrasterende woorde en maak drie verskillende vorms. Oefen nou hierdie drie vorms soos bo en skakel dit met bewegende aksies aanmekaar. Voeg nou al die liggaamsvorms saam.
- Oefen en verfyn die bewegings met byvoeging van dinamiese aksies (bewegingskwaliteite) en varieer die spoed om kontraste te belig. Werk saam met 'n maat. Leer elkeen se bewegingsreeks vir mekaar en voer dit saam uit.

Gebruik gepaste woordeskat om mekaar se danse te beskryf en te waardeer.

1.4.9 Aktiwiteit 2:

1.4.10 Om 'n eenvoudige tradisionele Afrika- of kultuurdans te kies

1.4.11 [LU 3.1, 3.2]

Kies 'n eenvoudige tradisionele Afrika- of kultuurdans wat in die gemeenskap gedans word. Vra 'n kundige (iemand uit die gemeenskap of 'n klasmaat) wat 'n dans ken om dit aan jou te leer. Oefen en voer die dans uit.

1.4.12 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
DEELNAME EN SAMEWERKING Die leerder is in staat om persoonlike en sosiale vaardighede te toon deur individueel en in groepe aan kuns- en kultuuraktiwiteite deel te neem.
Asseseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
ALGEMEENt.o.v. 3.1 – 3.6 hieronder, die volgende toon:
<ul style="list-style-type: none"> • samewerking met ander lede van ‘n groep gedurende kunsaktiwiteite;
<ul style="list-style-type: none"> • die vermoë om eie bydraes binne groepverband te lewer;
<ul style="list-style-type: none"> • aanvaarding van medeleerders;
DANS (3.1, 3.2)
<ul style="list-style-type: none"> • koöperatief saam met maats werk om dansreekse te improviseer en saam te stel;
<ul style="list-style-type: none"> • op ondersteunende en konstruktiewe wyse menings deel met ander leerders oor danse uit verskillende kulture.

Table 1.15

Chapter 2

Kwartaal 2

2.1 Om rituele te identifiseer¹

2.1.1 KUNS EN KULTUUR

2.1.2 Graad 6

2.1.3 UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

2.1.4 Module 5

2.1.5 OM RITUELE TE IDENTIFISEER

MUSIEK

2.1.6 Aktiwiteit 1:

2.1.7 Om rituele te identifiseer

2.1.8 [LU 4.4]

2Alle kulture in die wêreld het een of ander vorm van geloof wat deur godsdienstige rituele beoefen word.

Kies 'n spesifieke ritueel uit jou godsdiensbeoefening, vul dit hier onder in en beantwoord dan die vrae. Daarna kan 'n opname gedoen word om te bepaal watter elemente gewoonlik betrokke is by een of ander vorm van 'n ritueel van godsdienstige aard.

¹This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24336/1.1/>>.

RITUEEL:	JA	NEE	KlasmeerderheidJa/Nee
Is daar musiek by betrokke?			
Is daar beweging by betrokke?			
Is daar dans by betrokke?			
Is daar sang by betrokke?			
Is die woorde van die sang belangrik?			
Is die sang hoofsaaklik solo?			
Is die sang hoofsaaklik samesang?			
Is daar ander elemente wat bydra tot die atmosfeer? (kerse)			
Is daar iets wat almal deel? (bv. brood, wyn)			
Is daar simbole by betrokke? (bv. water)			
Dink jy 'n ritueel kan op sy eie uitgevoer word?			

Table 2.1

2.1.9 Aktiwiteit 2:

2.1.10 Om die simboliek in rituele identifiseer

2.1.11 [LU 4.4]

Wat is simboliek?

In rituele speel simboliek 'n belangrike rol.

- Dink aan die groet-ritueel.
- Die **hande skud is net 'n simbool**. Dit skep letterlik 'n band tussen die twee mense en simboliseer (dui op, beteken) vriendskap.
- Nog 'n voorbeeld waar water as simboliek gebruik word is die Hatsiatsia (Uitgespreek: Hat-cha-cha)

De Hatsiatsia is 'n ritueel uit Ghana wat op die eerste Sondag van elke maand gehou word. Mense staan in 'n kring met 'n emmer geseënde water in die middel. Hulle dans dan stadig om die emmer en elkeen kry 'n kans om sy hande in die emmer te steek en dan sy gesig af te vee. **Die water word as simbool gebruik** om die argumente die afgelope maand met vriende en familie “weg te was” (vergewe en vergeet). Die musiek word op metaalklokke gespeel.

1. Wat is die simboliek van water in jou geloof /godsdienst?

1. Hoekom dink jy is die woorde van die sang belangrik in 'n ritueel?

1. Wat dink jy is die simboliek van die samesang in 'n ritueel?

2.1.12 Aktiwiteit 3:

2.1.13 Om die funksie van musiek in rituele te ondersoek

2.1.14 [LU 4.4]

MUSIEK EN SIMBOLIEK

Musiek speel 'n belangrike rol in rituele. Spesifieke musiek word dikwels geassosieer met sekere rituele.

- Luister na die musiekvoorbeelde.
- Besluit dan met watter van die onderstaande rituele jy dit sou verbind.
- Teken enige simbool wat jy met hierdie rituele sou assosieer.

Skoolbyeenkoms	Troue	Nasionale vakansiedag	Sportbyeenkoms
----------------	-------	-----------------------	----------------

Table 2.2

Voorbeeld 1:

Voorbeeld 2:

Voorbeeld 3:

Voorbeeld 4:

- Die funksie van Musiek in rituele
- Almal sing en/of dans saam. 'n **BAND** word gevorm
- Die woorde van die lied wat ons sing dra 'n **BOODSKAP** uit.
- Terwyl ons sing ervaar almal **EMOSIES**: vrolik, hartseer, trots, opgewondenheid.
- Die lied skep 'n spesifieke **ATMOSFEER**: feestelik, spokerig.

Ondersoek die musiek

- 'n Sportritueel

Voltooi nou die volgende t.o.v. die musiek in 'n sportritueel, bv. in 'n wedstryd tussen Suid-Afrika en Engeland:

- Watter **band** word gevorm?
- Watter **boodskap** word uitgedra?
- Watter **emosies** word ervaar?
- Watter tipe **atmosfeer** word geskep?

- 'n Skoolritueel

Voltooi nou die volgende t.o.v. die musiek in 'n skoolritueel:

- Watter **band** word gevorm?
- Watter **boodskap** word uitgedra?

- Watter **emosies** word ervaar?

Watter tipe **atmosfeer** word geskep?

- ‘n Godsdienstritueel

Stap 1

Lees die volgende, eers in Afrikaans en dan in Xhosa:

Patroon 1	Patroon 2
A - men ons loof en prys U naam	A - men A - men
● ■ ● ● ● ● ● ■	● ■ ● ■■■
A - men See -yah-koo -doo -mee -saah	A - men Ba - who

Figure 2.1

Stap 2

Verdeel in groepe en voer die opdragte uit wat Juffrou van julle vra.

Kies die korrekte term:

- *Herhaling / nabootsing / vraag-en-antwoord* is wanneer dieselfde patroon deur dieselfde stem herhaal word.
- *Herhaling / nabootsing / vraag-en-antwoord* is wanneer dieselfde patroon deur ‘n ander stem herhaal word.
- *Herhaling / nabootsing / vraag-en-antwoord* is wanneer twee stemme verskillende patrone gebruik om mekaar op te volg.

Stap 3

MASITHI staan ook bekend as “Die Groot Amen”.

Stephen Molefe (‘n onderwyser) het hierdie Xhosa-lied gekomponeer.

Aan die einde van die erediens is daar gewoonlik ‘n dankseggingsgebed. As slot van die dankseggingsgebed sluit die res van die gemeentedele by die prediker aan met hierdie lied. Die betekenis van die woorde is “Kom ons sê: Amen, Ons prys U”.

Stap 4

Sing die lied!

MASITHI

(Ma - si - thi) A - men Si - ya - ku - du - mi - sa (Ma - si - thi)
A - men Si - ya - ku - du - mi - sa (Ma - si - thi) A - men Ba - wo
A - men Ba - wo A - men Si - ya - ku - du - mi - sa

Figure 2.2

Stap 5

Voltooi die volgende deur die korrekte woorde te kies:

atmosfeer	vraag-en-antwoord	boodskap	band	herhaling	dankbaarheid
-----------	-------------------	----------	------	-----------	--------------

Table 2.3

1. Die gemeentelede sing saam met die prediker die slotsang. Daar is dus 'n

_____ tussen die al gemeentelede en die prediker.

1. Die woorde dra 'n _____ uit, nl. "Ons prys U" (geloof)
2. 'n Gewyde _____ word geskep.
3. Die emosie wat ervaar word is die van _____ .
4. Kenmerke van hierdie lied: _____ en _____ .

2.1.15 Aktiwiteit 4:

2.1.16 Om 'n ritueel te skep en uit te voer

2.1.17 [LU 4.4]

Skep nou julle eie ritueel! Skryf oor die volgende nadat jou groep 'n finale besluit oor die volgende aspekte geneem het.

- Spesifieke geleentheid
- Simbool en simboliek daaragter
- Beweging
- Sang en woorde
- Begeleiding
- Ander

2.1.18 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE Die leerder is in staat om te analiseer en om 'n verskeidenheid vorme van kommunikasie en uitdrukking in Kuns en Kultuur te gebruik.
Asseseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
MUSIEK (4.4)
<ul style="list-style-type: none"> • musiek wat die simboliek van rituele kan navors, skep en aanbied.
DRAMA (4.2 - 4.3)
<ul style="list-style-type: none"> • 'n kulturele ritueel (religieuse seremonie of sosiale viering) dramatiseer en die gebruik van drama-elemente (bv. patroon, repetisie, sekvens) demonstreer; en • die belangrikheid van hierdie ritueel aan die deelnemers kan verduidelik.
DANS (4.1)
<ul style="list-style-type: none"> • 'n sang-en-dansritueel kan navors, probeer en verduidelik (bv. slangdans, rietjiedans, stokdans) deur te verwys na die doel en struktuur – patrone, herhaling en sekvens; en
VISUELE KUNS (4.5 - 4.6)
<ul style="list-style-type: none"> • die gebruik van verskeie artefakte in kulturele rituele kan demonstreer en beskryf; en
<i>continued on next page</i>

- muurskilderye in eie gemeenskap as ‘n vorm van kommunikasie kan navors met die klem op die beoogde boodskap, teikengroep, tegnieke, gepaste materiale, tekens en simbole.

Table 2.4

2.2 Om die belangrikheid van rituele te verduidelik²

2.2.1 KUNS EN KULTUUR

2.2.2 Graad 6

2.2.3 UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

2.2.4 Module 6

2.2.5 OM DIE BELANGRIKHEID VAN RITUELE TE VERDUIDELIK

DRAMA

In hierdie module gaan ons kyk na die ritueel, en dan meer spesifiek, die huwelikseremonie.

2.2.5.1 Aktiwiteit 1:

2.2.5.2 Om die belangrikheid van rituele te verduidelik

2.2.5.3 [LU 4.3]

NAVORSING

2.2.5.4 Oefening 1: Projek

- Doen navorsing oor ‘n ritueel van jou keuse nadat jou opvoeder die agtergrond gegee het.
- Bied ‘n geskrewe-, visuele- of modelinge-projek oor jou gekose ritueel aan.
- Die navorsingsprojek kan die volgende insluit:

- prente, foto’s, tekeninge
- video’s
- kostuums
- rekwisiete (items met betrekking tot die tema)
- demonstrasies
- musiek
- Geskrewe projekte moet ingehandig en uitgestal word.
- Mondelinge en visuele projekte moet aan die klas gebied word.

²This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24381/1.1/>>.

2.2.5.5 Aktiwiteit 2:**2.2.5.6 Om 'n kulturele ritueel te dramatiseer****2.2.5.7 [LU 4.3]****DIE TROUE**

Baie van die waardes en interpretasies van verskillende kulture word voorgestel in die **huwelikeremonie**. Die gebeure by 'n troue word bepaal deur geloof en kultuur.

Oefening 2: Navorsing

- Vors 'n huwelikeremonie van 'n spesifieke kultuur na.
- Hierdie navorsingsprojek moet die volgende insluit:
 - geloof van die kultuur wat nagevors word
 - tradisies
 - musiek, liedere
 - dans
 - kostuums (trourokke, ens.)
 - simboliese elemente
 - kos
- die seremonie (gee van ringe, breek van glase, ens.)
- voorbeelde van trougeskenke (indien enige)
- omgewings (kerke, tempels, moskees, ens.)
- die ritueel
- aspekte van die kultuur
- die verskillende rolle van die mense betrokke (mans, vrouens, kinders, oumense, ens.)
- bied jou projek vir die klas aan – in groepe, in pare of individueel

Verskillende huwelikeremonies om na te vors:

- Indies
- Joods
- Afrika
- Christelik
- Japannees
- Grieks

Oefening 3: Dramatisering

- Kies twee huweliksrituele uit die aanbiedings wat jy graag sal wil dramatiseer.
- Verdeel die klas in twee groepe – elke groep moet 'n verskillende ritueel dramatiseer.
- Elke leerder in die klas moet betrokke wees by die dramatisering en 'n rol verpersoonlik:
 - bruid en bruidegom
 - die gevolg (blommemeisies, strooijonkers, strooimeisies, ens.)
 - familielede
 - gaste
 - persoon wat die seremonie lei (priester, rabbi, imam, ens.)
 - musikante
 - sangers

- fotograaf

- Elke ritueel moet die volgende insluit:
 - kostuums
 - rekwisiete
 - musiek en sang
 - dans
 - seremonie
 - gebeure voor en na die seremonie
 - optog
 - Repeteer die dramatisering van die huweliksritueel.
 - Voer die rituele op.

2.2.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE Die leerder is in staat om te analiseer en om 'n verskeidenheid vorme van kommunikasie en uitdrukking in Kuns en Kultuur te gebruik.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
MUSIEK (4.4)
<ul style="list-style-type: none"> • musiek wat die simboliek van rituele kan navors, skep en aanbied.
DRAMA (4.2 - 4.3)
<ul style="list-style-type: none"> • 'n kulturele ritueel (religieuse seremonie of sosiale viering) dramatiseer en die gebruik van drama-elemente (bv. patroon, repetisie, sekvens) demonstreer; en
<i>continued on next page</i>

- die belangrikheid van hierdie ritueel aan die deelnemers kan verduidelik.

Table 2.5

2.3 Om 'n bepaalde ritueel na te vors³

2.3.1 KUNS EN KULTUUR

2.3.2 Graad 6

2.3.3 UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

2.3.4 Module 7

2.3.5 OM 'N BEPAALDE RITUEEL NA TE VORS

Dans

- Dans is een van die oudste vorms van uitdrukking en kommunikasie. Dans is gebruik vir 'n verskeidenheid van redes, vanaf die vroegste tye deur middel van rituele, soos oorlogsdanse, geestelike danse en om die lewe te verheerlik, soos troues, geboortes en kronings. Belangrike gebeure in die geskiedenis word deur dans uitgebeeld. Die waardes, gelowe en tradisies van kulture word weerspieël in danse en van generasie tot generasie oorgedra. Dans is gedurig besig om te ontwikkel en verander met nuwe invloede van die gemeenskap en individuele kunstenaars.
- In hierdie module word jy gelei om 'n verskeidenheid vorms van kommunikasie en uitdrukking in dans te analiseer en te gebruik in jou eie danse en jy sal in staat wees om dansrituele na te vors, uit te toets en te verduidelik.

2.3.6 Aktiwiteit 1:

2.3.7 Om 'n bepaalde ritueel na te vorsen die bewegings met musiekbegeleiding te demonstreer

2.3.8 [LU 4.1]

- 'n Ritueel is die voorgeskrewe of vasgestelde vorm van 'n godsdienstige of ander seremonie en sluit in algemene of saamgestelde voorgeskrewe vorms wat verduidelik kan word as stereotipe aktiwiteite en enige formele aktiwiteit, instelling of prosedure wat deurentyd gevolg word in godsdienstige, sosiale of ander rituele.

Voorbeeld: Reëndanse, oorlogsdanse, troues, begrafnisse, bediening van die nagmaal, doopplegtighede, ens.

- Oefening

Vors 'n huweliksritueel na en demonstreer die bewegings betrokke by die geselekteerde ritueel. Gepaste musiek kan gekies word om jou dans te begelei.

³This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24382/1.1/>>.

2.3.9 Aktiwiteit 2:

2.3.10 Om vir rituele dansoefeninge op te warm

2.3.11 [LU 4.1]

- Voordat jy kan begin om jou dans te skep, moet jou liggaam goed opgewarm word om beserings te voorkom en jou voor te berei op die aktiwiteite wat gaan volg.
- Die opwarming kan met musiek gedoen word. Kies musiek waarmee jy gemaklik voel en wat nie te vinnig is nie.
- · Staan met jou voete heupwydte van mekaar af, arms langs jou sye.
- · Asem in deur jou neus, lig jou arms bo jou kop.
- · Asem uit deur jou mond, laat sak jou arms en buig jou knieë terselfdertyd.
- Herhaal vier keer.
- Beweeg van kant tot kant op een plek.
- Lig albei arms op en uit na die kante op maat van die musiek terwyl jy nog steeds van kant tot kant beweeg op een plek (herhaal agt keer).
- Hou beweging – laat sak jou arms – draai skouers om die beurt (herhaal agt keer).
- · ou beweging – draai skouers in die ander rigting (herhaal agt keer).
- Buig en maak knieë reguit – stoot boude uit – knieë en voete wys vorentoe (herhaal agt keer).
- Buig knieë – knieë en voete wys vorentoe – boude uit – sit hande op knieë – trek rug op (soos ‘n kat) en ontspan) (herhaal agt keer).
- Bly in vorige posisie – lig tone alternatiewelik – hou hakke op die vloer (herhaal agt keer).
- Lig hakke om die beurt (herhaal agt keer).
- Maak bene wyer oop – sit jou hande op jou heupe – voete en knieë wys na buite – strek van kant tot kant – hou voete stewig op die vloer (herhaal agt keer).
- Strek (“lunge”) na regs en hou strek vir vier tellings.
- Strek na links en hou strek vir vier tellings.
- Kom terug in pliè - posisie (knieë gebuig, knieë en voete wys na buite) – hande op heupe – buig en maak knieë reguit (herhaal agt keer).
- Hou bene oop en knieë gebuig en lig jou voete om die beurt terwyl jy op een plek bly (herhaal agt keer).
- Bring voete na mekaar toe en loop op die plek (agt tellings).
- Loop op een plek met voete bymekaar en dan oop vir agt tellings.
- Loop op een plek – lig arms op en af (herhaal agt keer).
- Loop op een plek – herhaal asemhalingsoefening.
- Die opwarming moet nie minder as drie minute en nie langer as vyf minute duur nie.
- Jy moet regdeur hierdie oefening normaal asemhaal.

2.3.12 Aktiwiteit 3:**2.3.13 Om wedersydse vertrouwe met 'n dansmaat te bewerkstellig****2.3.14 [LU 4.1]**

- Om jou in staat te stel om jou dans suksesvol uit te voer moet jy vertrouwe bewerkstellig tussen jouself en jou maat.

Jou maat moet dieselfde lengte as jy wees.

[U+F034] Kyk na jou maat – hou albei hande vas – sit julle voete so na as moontlik aan mekaar en trek terug met jou gewig.

[U+F034] Hou hierdie posisie vir 'n ruk.

[U+F034] Staans langs jou maat en kyk na voor – hou een hand vas – sit julle voete so naby aan mekaar as moontlik en trek van mekaar af weg.

[U+F034] Verander hande terwyl julle na agter draai.

[U+F034] Staans met jou rug na jou maat – val agtertoe en laat jou maat toe om jou te vang – neem beurte.

[U+F034] Kombineer hierdie oefeninge en vorm 'n sekvens.

[U+F034] Ondersoek eenvoudige armbewegings.

[U+F034] Ondersoek draaibewegings.

- Nota: Hierdie oefening moet gedoen word sonder om jou stem te gebruik omdat jy moet konsentreer op balans en tydsberekening.

2.3.15 Aktiwiteit 4:**2.3.16 Om 'n HUWELIKSDANS te verduidelik en te demonstreer****2.3.17 [LU 4.1]**

- Die vorige vertrouensoefening dien as voorbereiding vir die Huweliksdans. Hierdie dans word in pare gedoen.

Gebruik die inligting oor 'n huweliksritueel wat jy nagevors het, en doen die volgende:

[U+F034] Demonstreer jou huweliksritueel aan die res van die klas.

[U+F034] Kies een dans van al die danse wat in die klas gedoen is.

[U+F034] Beweeg in lyne en sirkels soos in 'n optog.

[U+F034] Werk met oop- en toebewegings, swaai- en draaibewegings om samehorigheid voor te stel.

[U+F034] Werk aan motiewe gebaseer op buig, lig, reik, sak, hurk, oop, toe, draai, kniel, gesamentlike beweging, lei en volg.

[U+F034] Deel idees en bou aan 'n seremoniële huweliksdans gebaseer op stadige, bewegingspatrone, duidelike liggaamsvorme en vergrote en oordrewe gebare.

[U+F034] Kies ritualistiese musiekstukke met definitiewe ritmes van verskeie kulture.

[U+F034] Bespreek die verskille in geestelike uitdrukking.

[U+F034] Ondersoek die emosies betrokke in 'n huwelikseremonie.

[U+F034] Ondersoek kostuums en rekwisiete betrokke by 'n huwelikseremonie.

2.3.18 Aktiwiteit 5:

2.3.19 Om na dansoefeninge op die regte manier af te koel en te strek

2.3.20 [LU 4.1]

- Dit is belangrik om die spiere wat gebruik is gedurende die oefeninge te strek, anders sal jy “stywe” spiere vir die volgende drie dae ervaar.

Kies musiek met ‘n stadige tempo.

[U+F034] Lê op jou rug op die vloer – arms bo jou kop uitgestrek – bene reguit.

[U+F034] Strek jou liggaam deur met jou hande te reik en jou tone te punt (behou strek vir agt tellings en ontspan).

[U+F034] Bring arms af na sye.

[U+F034] Buig jou knieë, maar hou jou voete op die vloer.

[U+F034] Bring een been na jou bolyf – trek die been met albei hande na jou bolyf toe – jou knie is nog steeds gebuig (behou vir agt tellings).

[U+F034] Maak die bene reguit en trek die reguit been na jou kop toe (moenie die strek forseer nie). Behou vir agt tellings.

[U+F034] Ruil bene om.

[U+F034] Bring albei bene gebuig na jou bolyf en trek jou bene in met albei hande – lig jou kop en skouers effens. (behou vir agt tellings).

[U+F034] Laat sak jou bene na links – hou jou bolyf en skouers op die vloer – arms uitgestrek na die kante.

[U+F034] Ruil om na regterkant.

[U+F034] Bring bene weer na middel – sit regop – knieë gebuig – hande op knieë – maak jou rug reguit – trek jou bolyf deur jou bene met jou hande op jou knieë.

[U+F034] Kom stadig orent deur jou boude van die vloer af te lig.

[U+F034] Krul stadig op – hou bene gebuig – kop kom laaste op.

[U+F034] Skud alle beweeglike liggaamsdele.

- Alle strekke moet vir agt tellings gehou word.
- Die afkoel en strek moet nie korter as drie minute ennie langer as vyf minute wees nie.
- Alle strekke moet stadig uitgevoer word om beserings te voorkom.

2.3.21 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE Die leerder is in staat om te analiseer en om ‘n verskeidenheid vorme van kommunikasie en uitdrukking in Kuns en Kultuur te gebruik.
<i>continued on next page</i>

Asseseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
MUSIEK (4.4)
<ul style="list-style-type: none"> • musiek wat die simboliek van rituele kan navors, skeep en aanbied.
DRAMA (4.2 - 4.3)
<ul style="list-style-type: none"> • ‘n kulturele ritueel (religieuse seremonie of sosiale viering) dramatiseer en die gebruik van drama-elemente (bv. patroon, repetisie, sekvens) demonstreer; en
<ul style="list-style-type: none"> • die belangrikheid van hierdie ritueel aan die deelnemers kan verduidelik.
DANS (4.1)
<ul style="list-style-type: none"> • ‘n sang-en-dansritueel kan navors, probeer en verduidelik (bv. slangdans, rietjiedans, stokdans) deur te verwys na die doel en struktuur – patrone, herhaling en sekvens; en
VISUELE KUNS (4.5 - 4.6)
<ul style="list-style-type: none"> • die gebruik van verskeie artefakte in kulturele rituele kan demonstreer en beskryf; en
<ul style="list-style-type: none"> • muurskilderye in eie gemeenskap as ‘n vorm van kommunikasie kan navors met die klem op die beoogde boodskap, teikengroep, tegnieke, gepaste materiale, tekens en simbole.

Table 2.6

2.4 Om maskers as artefakte vir rituele te skep⁴

2.4.1 KUNS EN KULTUUR

2.4.2 Graad 6

2.4.3 UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

2.4.4 Module 8

2.4.5 DIE GEBRUIK VAN ARTEFAKTE BY KULTURELE RITUELE

Visuele Kuns

2.4.6 Aktiwiteit 1:

2.4.7 Om 'n oorsig te kan gee oor die gebruik van artefakte by kulturele rituele (individueel)

2.4.8 [LU 4.5]

Julle het reeds in Musiek, Drama en Dans kennis gemaak met rituele en seremonies. Vanaf die vroegste tye is daar van kunsvoorwerpe of artefakte gebruik gemaak gedurende rituele. **Artefakte** is voorwerpe wat deur die mens gemaak is, soos byvoorbeeld wapens, gereedskap, kleding, juweliersware, maskers en houers vir kos, water, ensovoorts. Artefakte verskaf belangrike leidrade tot die ontrafeling van die menslike evolusie, ekologiese toestande, asook prehistoriese beskawings. Van die oudste artefakte is ruwe klipimplemente wat tot drie miljoen jaar terugdateer.

Artefakte is dus mensgemaakte voorwerpe wat in die verlede gemaak is, maar in die hede behoue gebly het en kan as verteenwoordigend van sekere kulture gesien word. Reeds 50 000 jaar gelede is hierdie vorm van kuns gebruik tydens rituele en seremonies waar daar byvoorbeeld vir die geeste gevra is vir suksesvolle jagtogte. Wat ons vandag as antieke artefakte beskou, was vir daardie kulture alledaagse gebruiksvoorwerpe vir oorlewing en is beslis nie beskou as antiek of 'n vorm van kuns nie.

Vandag kommunikeer die mens, bewustelik of onbewustelik, deur middel van simbole. Selfs wanneer ons taal gebruik, hou 'n woord byvoorbeeld nie direk verband met die voorwerp of idee wat dit verteenwoordig nie, maar is eerder 'n simbool daarvan. Net so is rituele onskeibaar van enige kultuur. Basies is 'n **ritueel** 'n opvoering, beplan of 'n improvisasie, wat die alledaagse lewe in 'n ander konteks verplaas. Die krag van so 'n ritueel lê in die herhaling daarvan. Wanneer 'n ritueel bewustelik beplan word, word dit 'n **seremonie** genoem. Seremonies oorbrug alle kulturele en etniese grense. Dink byvoorbeeld aan 'n massa mense van verskillende kultuurgroepe wat ontstaan wanneer die volkslied gespeel word. Die idee van seremonies kom bykans in alle kulture en lande voor en word dikwels as 'sosiale drama' beskryf.

Sommige rituele het oor die jare heen deel geword van kulture en kom in alle gemeenskappe voor as 'n herbevestiging van sosiale waardes. Die vier fokuspunte in elkeen se lewe, ongeag van die gemeenskap of kultuurgroep, is GEBOORTE – PUBERTEIT – HUWELIK – DOOD.

Beantwoord die volgende vrae oor bogenoemde gebeurtenisse binne julle eie gemeenskap asook TWEE ander gemeenskappe.

Vraelys:

Gebeurtenis	Betrokkegemeenskap	Artefaktegebruik
<i>continued on next page</i>		

⁴This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24386/1.1/>>.

GEBOORTE	1.	
	2.	
	3.	
PUBERTEIT	1.	
	2.	
	3.	
HUWELIK	1.	
	2.	
	3.	
DOOD	1.	
	2.	
	3.	

Table 2.7

2.4.9 Aktiwiteit 2:

2.4.10 Om MASKERS AS ARTEFAKTE vir rituele te kan skep(individueel)

2.4.11 [LU 4.5]

Kyk mooi na die verskillende tipes maskers hieronder en bespreek dan die ooreenkomste en verskille tussen die onderskeie maskers en enige ander voorbeelde van maskers waaraan julle kan dink of wat julle al gesien het.

Besluit vir watter een van die bogenoemde rituele julle 'n masker wil maak. (Hierdie maskers kan ook vir die Drama-opvoering gebruik word.)



Figure 2.3

Julle moet ook ten minste twee ander artefakte vir dieselfde ritueel kan beskryf en demonstreer.

MAAK VAN 'N MASKER

Stap 1

Neem 'n stuk sagte karton, groot genoeg om jou kop te pas, en vou dit om sodat die twee ente vasgekram kan word.




Figure 2.4

Stap 2

Pas die ronde stuk karton oor jou kop en maak merkies waar jou oë en mond geleë is. Verwyder die karton en skeur gaatjies groot genoeg vir die oë om deur te kan sien en vir die mond om deur asem te haal en te praat.




Figure 2.5

Stap 3

Heg 'n neus (toiletrolletjie of enige ander gesikte kartonhouertjie) aan die voorkant van die masker en begin byvoorbeeld wenkbroue, ore, lippe, tande, hare en/of 'n baard bylas. Maak gebruik van ander afvalmateriale soos wol, gare, knope en botteldoppies.



Figure 2.6

Stap 4

Gebruik nou waskryte of pastelle om kleur aan die masker te gee deur die oë en mond te omlyn. Probeer ook om kleurvolle patrone vir versiering op die masker te gebruik.



Figure 2.7

2.4.12 Aktiwiteit 3:

2.4.13 Om MUURSKILDERYE na te vors en om self een te ontwerp (individueel)

2.4.14 [LU 4.6]

As inleiding tot hierdie aktiwiteit moet julle eers in julle eie omgewing gaan kyk na MUURSKILDERYE as 'n vorm van kommunikasie. Gedurende hierdie navorsing moet jy kyk na:

[U+F034] Die beoogde boodskap (wat probeer die muurskildery sê of kommunikeer?);

[U+F034] Teikengroep (op wie is die muurskildery gemik – jongmense, ouer mense, vrouens, mans, 'n sekere kulturele groep, ens?);

[U+F034] Tegnieke (hoe en waarmee is die muurskildery gemaak?);

[U+F034] Gepaste materiale (is die materiale geskik vir 'n muur?);

[U+F034] Tekens (enige herkenbare tekens?);

[U+F034] Simbole (enige simbole verwant aan die onderwerp of kultuur?).

Wanneer julle van die huis af skool toe gaan of terug, sal julle graffiti op 'n verskeidenheid plekke sien. As julle nie voorbeelde van muurskilderye kry nie, kan julle ook graffiti volgens die punte hierbo ontleed. Probeer om die verskille tussen goeie en vandalistiese graffiti raak te sien.

Na bespreking van 'n paar voorbeelde van muurskilderye in die klas, moet elkeen 'n ontwerp vir 'n muurskildery-paneel op papier skep. Kies eers saam met Juffrou of Meneer 'n spesifieke tema, soos byvoorbeeld die werk van 'n bekende kunstenaar, VIGS of omgewingsbewaring, bekende artefakte of selfs rituele en seremonies.

Wanneer julle elkeen 'n ontwerp op papier geteken het, sal julle onderwyser vir elkeen 'n blok buite die klaskamer gee. Nou kan julle met gekleurde bordkryte julle ontwerpe binne die sementvierkantjie teken.

2.4.15 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE Die leerder is in staat om te analiseer en om 'n verskeidenheid vorme van kommunikasie en uitdrukking in Kuns en Kultuur te gebruik.
Asseseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
VISUELE KUNS (4.5 - 4.6)
<ul style="list-style-type: none"> • die gebruik van verskeie artefakte in kulturele rituele kan demonstreer en beskryf; en
<ul style="list-style-type: none"> • muurskilderye in eie gemeenskap as 'n vorm van kommunikasie kan navors met die klem op die beoogde boodskap, teikengroep, tegnieke, gepaste materiale, tekens en simbole.

Table 2.8

Chapter 3

Kwartaal 3

3.1 Historiese agtergrond van die danse van ouer mense¹

3.1.1 KUNS EN KULTUUR

3.1.2 Graad 6

3.1.3 KRITIESE EN KREATIEWE REFLEKSIE

3.1.4 Module 9

3.1.5 HISTORIESE AGTERGROND VAN DANSE VAN OUER MENSE

3.1.6 Dans

Deur hierdie aktiwiteit sal jy die wonderlike wêreld van dans ontdek en meer uitvind oor die historiese agtergrond van die danse van ouer mense.

3.1.6.1 Aktiwiteit 1:

3.1.6.2 Om navorsing te doen oor danse soos gedoen deur vorige geslagte DIE TROUE

3.1.6.3 [LU 2.1]

Agtergrond: Sosiale Dans

Dans: die mees artistiese van sosiale tydverdriewe en die mees sosiale van artistiese tydverdriewe.

In alle gemeenskappe vorm dans 'n integrale deel van mense se leefstyl. Dans is nie net 'n weerspieëling van die lewe nie, maar ook 'n basiese menslike uitdrukking van die lewe self.

Terwyl die aanvanklike motivering om te dans meeste van die tyd 'n sosiale een is en die struikelblok om die dans te leer uit die weg geruim is, vind baie mense die musiek, die atmosfeer en die dans die geleentheid om 'n nuwe persona aan te neem. In 'n oomblik kan die danser geestelik en emosioneel weggevoer word na omtrent enige scenario van hulle keuse – 'n Texas dansplaas, 'n elegante gala-bal in Wene, 'n Karibiese strandpartytjie, 'n deftige dansete in London se Weseinde, 'n agterstraatse kroeg in Buenos Aires, 'n karnaval in Copacabana, 'n klub in ou Havana, 'n bulgeveg in Valencia, 'n New York-nagklub of 'n kafee in Parys!

Die musiek en die plek skep die atmosfeer, maar dit is die danser wat sy eie individualiteit deur middel van die taal van dans uitdruk.

Jy hoef nie 'n goeie danser te wees om die dans, die musiek, die stemming, die atmosfeer en, natuurlik, die sosiale lewe te geniet nie. Dans is toeganklik vir almal, ongeag hulle ouderdom of vaardigheid.

¹This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24389/1.1/>>.

Dans is ook 'n wonderlike manier om fiks te bly – fisies sowel as geestelik, en die wonder van dans is dat dit soveel pret is om te doen!

Dui die kulture van die volgende danse aan.

Die Dans	Die Kulture Van Dans
Wals	
Two-step	
Lyndans	
Volkspele	
Tradisionele Afrika-dans	
Foxtrot	
Indiese danse	
Rock 'n Roll	
Jive	
Paso Doble	
Lambada	
Tango	

Table 3.1

Navorsingsopdrag

- Doen navorsing oor die bruilofsritueel van jou kultuur.
- Fokus op die inhoud, doel en unieke eienskappe van die sosiale danse wat op troues gedans word.
- Probeer om die volgende te vind om jou aanbieding te versterk:

- musiek

- rekwisiete
- kostuums
- grimering
- prente

- video's

Aanbiedingsvraelys:

1. Hoekom het jy hierdie spesifieke kultuur vir jou navorsing gekies?
2. Sal jy graag meer oor hierdie dans wil leer en dit ook kan dans?
3. Wat was die interessantste deel van jou navorsing? Waarom?
4. Het jy van die musiek of begeleiding gehou? Waarom?
5. Is daar 'n ander kultuur se dans wat jy eerder sou wou navors? Waarom?
6. Wat is die ooreenkomste tussen die verskillende kulture in jou klas se danse?
7. Wat sê die bewegings van die dans vir jou oor die kultuur?
8. Beskryf die sekvens van die dans:
 - Hoe begin dit?
 - Wat gebeur volgende?
 - Hoe eindig dit?
9. Watter bewegings is min of meer dieselfde as dié wat jy by jou klasmaats geleer het?
10. Is dans vandag dieselfde as die danse wat jy nagevors het? Hoe is hulle eenders of verskillend?

3.1.7 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 2
REFLEKSIE Die leerder is in staat om krities en kreatief op artistieke en kulturele prosesse, produkte en style van die verlede en die hede te reflekteer.
Asseseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
DANS
2.1 die historiese agtergrond van danse gedoen deur hulle ouers navors ten opsigte van sosiale en kulturele inhoud, doel en unieke eienskappe;

Table 3.2

3.2 Om kunsvorme in die alledaagse lewe te klassifiseer²

3.2.1 KUNS EN KULTUUR

3.2.2 Graad 6

3.2.3 KRITIESE EN KREATIEWE DENKE

3.2.4 Module 10

3.2.5 OM KUNSVORME IN DIE ALLEDAAGSE LEWE TE IDENTIFISEER

3.2.6 Visuele Kuns

3.2.6.1 Aktiwiteit 1:

3.2.6.2 Om verskeie kunsvorme in die alledaagse lewe te identifiseer en te klassifiseer

3.2.6.3 [LU 2.5]

- In Modules 1 en 2 het jy al kennis gemaak met kuns-elemente soos **lyn, vorm, toonwaardes, kleur** en **komposisie**. In Module 3 sal daar meer gefokus word op **tema, onderwerp** en **skaal** van kunswerke by die **huis**, in die **gemeenskap** en in **openbare plekke**.

STAP 1

Aangesien ons in die alledaagse lewe omring word met 'n verskeidenheid van kunsvoorwerpe, -beelde en -werke, is dit belangrik om al hierdie verskillende visuele kunsvorme te kan identifiseer.

Voltooi die volgende tabel:

Voorbeelde **Van Kunswerke In Die Alledaagse Lewe**

By my huis	In my gemeenskap	In openbare plekke
------------	------------------	--------------------

Table 3.3

²This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24408/1.1/>>.

STAP 2

Kyk nou weer na jou tabel en **omkring** al die items wat te make het met VERSIERING (om ‘mooi’ te lyk of dekoratief te wees) en **onderstreep** al daardie items wat ‘n DEFINITIEWE FUNKSIE het of vir iets spesifiek gebruik word. *Sommige* items sal *aan albei* voldoen en dus sowel omkring as onderstreep wees.

STAP 3

Kies nou in jou lys **vyf** van die *onderstreepte* kunswerk-items wat funksioneel is of gebruik word en groepeer hulle volgens die vyf **temas** hieronder (sorg dat jy minstens een uit elke kolom van jou tabel kies):
Bruikbare Kunswerke

TEMA	KUNSWERKE
ADVERTENSIE/ REKLAME	
INLIGTING	
GEMAK	
VERMAAK / ONTSPANNING	
PERSOONLIKE GEBRUIK	

Table 3.4

STAP 4

Laastens moet jy na die **skaal** van die kunswerke kyk, m.a.w. die grootte van die kunswerke. Maak ‘n lys van **tien** kunswerke, gekies vanuit jou eerste tabel, en rangskik hulle van die kleinste tot die grootste. (Nommer 1 sal die kleinste wees en nommer 10 die grootste):

Lys van kunswerke volgens skaal

Skaal van Klein tot Groot		Kunswerke
Kleinste	1.	
	2.	
	3.	
	4.	
	5.	
	6.	
	7.	
	8.	
	9.	
Grootste	10.	

Table 3.5

- Skryf nou 'n paragraaf van ongeveer 60 – 80 woorde in jou leerderjoernaal (of op los papier wat jy as bladsye na hierdie een kan invoeg) om te verklaar hoekom elkeen van die tien kunswerke wat jy gelys het op daardie spesifieke skaal gemaak is. (Kyk na die verband tussen die kunswerk en die grootte daarvan).

3.2.6.4 Aktiwiteit 2:

3.2.6.5 Om 'n omgewing te verbeter en te verfraai

3.2.6.6 [LU 2.5]

- Bestudeer die illustrasie hieronder. Wys met kleurpastelle of waskryte en/of gekleurde bordkryte hoe jy die gellustreerde omgewing sal verbeter of verfraai. Kyk weer na jou eerste tabel vir inspirasie.



Figure 3.1




Figure 3.2

3.2.7 Assessering

Leeruitkomsten (LUs)
<i>continued on next page</i>

LU 2
REFLEKSIE Die leerder is in staat om krities en kreatief op artistieke en kulturele prosesse, produkte en style van die verlede en die hede te reflekteer.
Asseseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
DANS
2.1 die historiese agtergrond van danse gedoen deur hulle ouers navors ten opsigte van sosiale en kulturele inhoude, doel en unieke eienskappe;
DRAMA
2.2 uitvind oor verskillende tipes drama in die land en verbande volgens oorsprong en ooreenkoms tussen party van hulle raaksien;
MUSIEK
2.3 m.b.v. beluistering die gebruik van herhaling in die samestelling van Afrika-musiek bespreek;
2.4 m.b.v. 'n repertorium van geselekteerde liedere uit verskillende kulturele omgewings kan beskryf uit watter kulturele gebeurtenis die liedere spruit, en die boodskap van die lirieke en waarvoor die lied gebruik word, verduidelik;
VISUELE KUNSTE
2.5 die hoofdoel en ontwerp-kwaliteite van kunswerke in die huis, die gemeenskap en openbare plekke identifiseer volgens tema, onderwerp en skaal.

Table 3.6

3.3 Musiek wat swaarkry uitbeeld³

3.3.1 KUNS EN KULTUUR

3.3.2 Graad 6

3.3.3 KRITIESE EN KREATIEWE REFLEKSIE

3.3.4 Module 11

3.3.5 MUSIEK WAT SWAARKRY UITBEELD

Musiek

- Mense gebruik musiek om boodskappe uit te dra.
- Jou situasie bepaal dikwels wat die lirieke en die boodskap sal wees.
- Ons gaan luister na DRIE tipes musiek wat swaarkry uitbeeld en fokus op die geskiedenis daaragter, die boodskap van die lirieke en waarvoor die liedere gebruik word.

³This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25971/1.1/>>.



Figure 3.3

Aktiwiteit 1:

Om werkliedere te ondersoek

[LU 2.4

Agtergrondinligting

Die lied waarna ons gaan luister, het sy ontstaan gehad by die goudmyne aan die Witwatersrand en kan geklassifiseer word as 'n werklied.

Terwyl die mans gewerk het, het hulle gesing. Hierdie werkliedere het die mense gehelp om die verveling van die harde werk te vergeet. Terwyl hulle byvoorbeeld met die pikke gekap het, het hulle die liedere op die ritme van die gekap gesing. Die ritme van die lied en die werkaksie vorm 'n eenheid.

STAP 1

Luister na die opname van "Shosholoza" en beeld die pik-kap-aksie saam met die opname uit. (Kap met die "pik" elke keer op die eerste polsslag).

Hier volg die woorde:

Shosholoza

Ku lezontaba

(Jy dwaal rond in daardie berge)

Stimela si qhamuka e South Africa

(Die trein is van Suid-Afrika)

3.3.5.1 Wen u ya baleka

3.3.5.1.1 Ku lezontaba

3.3.5.1.2 (Jy verdwyn of hardloop weg)

Stimela si qhamuka e South Africa

(Die trein is van Suid-Afrika)

Let op die herhaling van die melodie en woorde!

STAP 2

Hierdie lied is ook 'n voorbeeld van tradisionele musiek uit Afrika. Hier volg 'n aantal kenmerke van die meeste tradisionele musiek uit Afrika.

- Luister na die musiek en dui aan, in die blokkies, die kenmerke wat in hierdie lied teenwoordig is.

	'n Groep mense neem deel.
	Slegs mans neem deel.
	Die sang is dikwels onbegeleid .
	Roep-en-Antwoord : solis en groep wissel mekaar af.
	Gesing vir spesifieke geleenthede , bv. troue, aanbidding.
	Gaan gewoonlik gepaard met dans, beweging en/of handeklap.
	Die musiek is mondelings oorgedra en niemand weet wie presies dit geskep het nie. Die woorde het ook mettertyd verander: van die woorde is vergeet en ander mense voeg hul eie woorde na willekeur by.
	Die ritme van die musiek word dikwels bepaal deur die natuurlike spraakritme (bv. die neiging om die laaste lettergreep van 'n woord uit te rek; daarom kry ons ritmepatrone wat eg aan Afrika is).
	Dieselfde melodiese patrone word dikwels herhaal .
	Dieselfde ritmiese patrone word dikwels herhaal .
	Dieselfde woorde word dikwels herhaal .

Table 3.7

STAP 3

Luister hoe *Ladysmith Black Mambazo* die lied sing. Die woorde is soos volg:

Vers 1:	
Shosoloz Work, work, working in the sun We will work as one Shosoloz Work, work, working in the rain 'Til there's sun again	
Vers 2:	
Shosoloz Push, push, pushing on and on There's much to be done Shosoloz Push, push, pushing in the sun We will push as one	

Table 3.8

Hierdie weergawe is gesing vir die Springbok-rugbyspan. Hoekom dink jy is dit 'n goeie sportlied?

Tuiswerk: Vind uit omtrent nog kunstenaars wat 'n opname van hierdie melodie gemaak het:

Skryf nou jou eie 3de vers – let op die herhalings.

STAP 4

Navorsing: -Dink aan 'n werk wat vandag gedoen word en waarvoor jy 'n werklid kan skryf.

- Waaroor dink jy sal moderne sangers sing? Hoekom is daar 'n verskil?

'n WERK VANDAG:

WAAROO MODERNE SANGERS SING:

DIE VERSKIL:

Aktiwiteit 2:

Om “spirituals” te ondersoek

[LU 2.3, 2.4]

STAP 1

Agtergrondinligting

Spirituals het in Amerika ontstaan. Jare gelede (voor 1865), gedurende die tydperk van slawerny, is mense vanaf Wes-Afrika se kus ingevoer om as slawe in die plantasies te werk. Terwyl die slawe gewerk het, het hulle werkliedere gesing wat gebaseer is op tradisionele volksmusiek uit Afrika. Hierdie liedere is gesing om hulle persoonlike gevoelens uit te druk en om mekaar op te beur.

Na werk het hulle in die kampe gesing. Hulle het gebruik gemaak van teksgedeeltes uit die Bybel en melodiebrokkies van gesange wat hulle buite die kerke (Westerse musiek) gehoor het. Hierdie “stukkies” musiek en teks het hulle gebruik om hul eie liedere (spirituals) van hoop en vertroue te skep.

Die eerste vorm van spirituals was “krete” (shouts) – ‘n oorlewing van ‘n primitiewe Afrika-dans. Dit het daaruit bestaan dat die mans en vrouens in ‘n kring staan en begin dans, handeklap en voetstamp; aanvanklik stadig en al hoe vinniger. Dieselfde musikale frase is oor en oor herhaal vir ure totdat almal in vervoering was. Dit het daartoe gelei dat vrouens neerval en skree en mans moeg uit die kring tree.

Die lirieke van spirituals is nou verbind met hul ‘skrywers’, die slawe. Terwyl werksliedere gebaseer is op die daaglikse lewe, is spirituals gebaseer op die boodskap van Die Bybel : “Jy kan gered word”. Hulle kon met Bybelse figure identifiseer, byvoorbeeld Josef (wat deur sy broers as slaaf verkoop is) en die Jode wat ook slawe in Egipte was. Hulle het geglo dat hulle gehelp sou word om vry te word, net soos wat die Here hierdie Bybelse figure gehelp het.

Die lirieke is dus hoofsaaklik gebaseer op ‘n verlange na vryheid en ‘n beter land. Woorde soos “home” en “Canaan’s land” kom herhaaldelik voor en is simbolies van hulle soeke na ‘n beter lewe in hierdie wêreld, sowel as in die hiernamaals.

Soos volksmusiek, is die komponiste van meeste van die “spirituals” onbekend, aangesien dit mondelings oorgedra word. Die woorde verskil van streek tot streek omdat mense, wanneer die woorde vergeet is, hul eie woorde na willekeur bygevoeg het.

Beantwoord die volgende vrae:

In watter land het *spirituals* ontstaan?

Waarvandaan is die slawe ingevoer om op die plantasies te werk?

Wat het die slawe gedoen om hulleself en ander te motiveer?

Waar het hulle in aanraking gekom met Westerse musiek?

Hoe is die eerste *spirituals* genoem?

Dink jy dis ‘n gepaste naam? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

Die woorde “home” en “Canaan” word dikwels in *spirituals* gebruik. Wat simboliseer dit?Wat is die verskil tussen werkliedere en *spirituals*?Noem twee komponeer-tegnieke wat in beide *spirituals* en werkliedere gebruik word.

Luister na die opname van “ Swing Low, Sweet Chariot ” en sing saam elke keer wanneer die woorde “ Coming for to carry me home” voorkom.

Swing low, sweet chariot

Coming for to carry me home

Swing low, sweet chariot

Coming for to carry me home

If you get there before I do

Coming for to carry me home

Tell all my friends, I’m coming too

Coming for to carry me home

Wat is die boodskap van die lied?

STAP 2

Spirituals is 'n voorbeeld waar daar oorvleueling in musiek plaasvind: elemente uit Westerse sowel as Afrika-musiek word gekombineer.

Hier volg 'n aantal kenmerke van die *spirituals*. Luister weer na die opname en dui met 'n A of W aan of die kenmerk in die tabel:

tipies is van Afrika-musiek (A) of Westerse musiek (W);

in hierdie spesifieke lied ([U+F034]) teenwoordig is.

KENMERK	WESTERS/AFRIKA	TEEN-WOORDIG
'n hele groep mense neem deel		
gaan gepaard met dans, beweging, handeklap		
roep-en-antwoord: die groep antwoord die leier		
die groep herhaal dikwels dieselfde woorde (frase)		
die leier sing dikwels lang teruggehoue frases		
die groep sing dikwels korter gesinkopeerde frases		
gaan gepaard met "moaning" en "groaning"		
sterk ritmies met sinkopasie		
melodieë afkomstig van gesange		
ritmiese patrone word oor en oor herhaal		
melodiese patrone word oor en oor herhaal		
gebaseer op pentatoniese toonleer		

Table 3.9

STAP 3

Huiswerk en Navorsing

- Vandag word die term '*gospel*' gebruik vir hierdie tipe liedere.

Dink aan nog *gospel*-liedjies.

Waaroor dink jy sal moderne sangers sing in hul liedjies?

Hoekom is daar 'n verskil?

Maak'n lys van *gospel*-sangers.

Aktiwiteit 3:

Om "blues" (spesifiek morna) te ondersoek

[LU 2.3, 2.4]

Lees die volgende. Watter gevoel ervaar jy?

"When I'm feeling blue....." / Blou-Maandag: *Neerslagtigheid of bedruktheid*

Agtergrondinligting

Soos werkliedere en *spirituals*, is die "blues" ook 'n vermenging van Afrika- en Westerse musiek.

Net soos hierdie twee genres, vertel die lirieke van die "blues" ook die gevoel, vrees en hoop van sangers, maar op 'n meer persoonlike manier, aangesien slegs een sanger sing!

Solosang is dus 'n kenmerk, in teenstelling met die groepsang in werkliedere en *spirituals*.

- Lees eers die storie omtrent Cesaria Evora.
- Luister dan na 'n opname van Cesaria Evora.
- Gee dan jou opinie omtrent hierdie musiek.

“Cesaria Evora kom van die Kaap Verdiese eilande af en staan bekend as die “kaalvoet diva”. Die rede hiervoor is dat sy gewoonlik tussen optredes kaalvoet op die verhoog verskyn ter ondersteuning van die minder bevoorregte vrouens en kinders van haar land. Haar liedere spruit uit haar land se geskiedenis van isolasie, slawehandel en emigrasie: meer as die helfte van die mense in die land het reeds na ander lande verhuis.

Die woorde van die liedere is in Portugees-Kreools en die styl word “morna” genoem – ‘n tipe “blues”, aangesien dit ook die swaarkry van die lewe in musiek uitbeeld.”

Ten Slotte: Versamel inligting omtrent hierdie drie style en plak dit in jou leerderjoernaal. Dit kan in die vorm wees van CD-omslae, lirieke of prente en algemene inligting.

3.3.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 2
REFLEKSIE Die leerder is in staat om krities en kreatief op artistieke en kulturele prosesse, produkte en style van die verlede en die hede te reflekteer.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
MUSIEK
2.3 m.b.v. beluistering die gebruik van herhaling in die samestelling van Afrika-musiek bespreek;
2.4 m.b.v. ‘n repertorium van geselekteerde liedere uit verskillende kulturele omgewings kan beskryf uit watter kulturele gebeurtenis die liedere spruit, en die boodskap van die lirieke en waarvoor die lied gebruik word, verduidelik;

Table 3.10

3.4 Verskillende tipes drama⁴

3.4.1 KUNS EN KULTUUR

3.4.2 Graad 6

3.4.3 KRITIESE EN KREATIEWE DENKE

3.4.4 Module 12

3.4.5 VERSKILLENDE TIPES DRAMA

Drama

⁴This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24400/1.1/>>.

3.4.5.1 Aktiwiteit 1:

3.4.5.2 Om uit te vind oor die verskillende tipes drama:“DIE KIND IN DIE WINKEL”

3.4.5.3 [LU 2.2]

- Met hierdie aktiwiteit gaan ons die verskillende tipes drama ondersoek wat in Suid-Afrika voorkom. Dit gaan beslis ‘n avontuur wees wat jy sal geniet. Daar is ook ‘n praktiese aktiwiteit wat baie prettig gaan wees. Geniet dit!
- Voordat ons op ons ontdekkingsreis gaan, kyk ons na die tipes drama wat ons in Suid-Afrika kan kry.

Drama-genres in Suid-Afrika (tipes drama)

- **Drama** - ‘n hoogs emosionele en tragiese situasie
- **Storievertelling** -vertelling van gebeure
- **Politieke protesteater** -dramas geskep om te betoog teen onregverdigheid
- **Klug en komedie** -humoristiese toneelstuk gebaseer op onwaarskynlike situasies
- **Musiekblyspele** -sang, dans en drama in een opvoering
- **Pantomime** -gebaarspel opgevoer gedurende Kersfeestyd, gekarakteriseer deur klug, musiek, groot stelle en grappe

Genres:

Bespreek elkeen van hierdie genres in die klas.

Tuiswerk

- Soek na afloop van die bespreking voorbeelde van elkeen van hierdie genres, asook name van toneelstukke, opvoerings, dramaturge, ens.
- Kies drie genres – enige drie – en identifiseer die ooreenkomste en verskille tussen die drie, bv.:

Drama	Komedie	Musiekblyspel
ernstigakteurs praat	snaaksakteurs loop in deure vas	ernstig en snaaksakteurs sing en dans

Table 3.11

Praktiese Werk

- Selekteer drie genres wat julle graag wil ondersoek. Verdeel in groepe. Elke groep kry ‘n genre om mee te werk. Werk aan ‘n kort toneeltjie met die volgende reël:

‘n Kind gaan na die winkel om lekkers te koop, maar wanneer hy/sy wil betaal, besef hy/sy skielik dat sy/haar beursie weg is...

- Gebruik die volgende kriteria vir die toneeltjie:
 - elkeen in die groep moet ‘n rol in die toneel speel
 - die karakters moet ‘n motivering vir hulle aksies hê
 - dialoog is opsioneel
 - musiek, sang of dans kan gebruik word
 - rekwisiete kan gebruik word
 - gehoorsaam die eienskappe van die genre
 - die voorgeskrewe reël kan in die begin, middel of einde voorkom
 - daar moet ‘n klimaks/hoogtepunt wees
 - die toneeltjie moenie langer as vyf minute wees nie
 - Voer die tonele vir die res van die klas op.

Klasbespreking

- Bespreek die volgende aspekte na die opvoerings:
 - Het die verskillende groepe aan die genre voldoen?
 - Kon julle die verskillende genres identifiseer met elke opvoering?
 - Hoe kan elke toneeltjie verbeter word?

Nabetragting

Voltooi die vraelys.

1. Watter deel van die aktiwiteit het jy die meeste geniet: die navorsing of die prakties? Waarom?
2. Watter tipe drama was vir jou die interessantste? Waarom?
3. Watter tipe drama het jy die meeste geniet om te sien? Waarom?
4. Van watter tipe drama sal jy meer wil weet? Waarom?

3.4.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 2
REFLEKSIE Die leerder is in staat om krities en kreatief op artistieke en kulturele prosesse, produkte en style van die verlede en die hede te reflekteer.
Assesseringstandaarde(ASe)
<i>continued on next page</i>

Dit is duidelik wanneer die leerder:
DANS
2.1 die historiese agtergrond van danse gedoen deur hulle ouers navors ten opsigte van sosiale en kulturele inhoude, doel en unieke eienskappe;
DRAMA
2.2 uitvind oor verskillende tipes drama in die land en verbande volgens oorsprong en ooreenkoms tussen party van hulle raaksien;
MUSIEK
2.3 m.b.v. beluistering die gebruik van herhaling in die samestelling van Afrika-musiek bespreek;
2.4 m.b.v. ‘n repertorium van geselekteerde liedere uit verskillende kulturele omgewings kan beskryf uit watter kulturele gebeurtenis die liedere spruit, en die boodskap van die lirieke en waarvoor die lied gebruik word, verduidelik;
VISUELE KUNSTE
2.5 die hoofdoel en ontwerp-kwaliteite van kunswerke in die huis, die gemeenskap en openbare plekke identifiseer volgens tema, onderwerp en skaal.

Table 3.12

3.5 Kwartaal 4

3.5.1 Stemvoorbereiding⁵

3.5.1.1 KUNS EN KULTUUR

3.5.1.2 Graad 6

3.5.1.3 SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

3.5.1.4 Module 13

3.5.1.5 STEMVOORBEREIDING

3.5.1.6 Drama

Voordat ons kan begin kreatief raak in ons dramaklas, moet jy eers goed opwarm om jou liggaam en stem voor te berei vir die opvoering.

3.5.1.6.1 Aktiwiteit 1:

3.5.1.6.2 Om onstpannings-, asemhalings-, resonansie-, toon-, en artikulasie-oefeninge uit te voer: die opwarming

3.5.1.6.3 [LU 1.4]

- Geniet die volgende oefeninge, want dit sal jou nie net help met die voorbereiding van jou “instrumente” nie, maar dis ook pret om te doen.

⁵This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24606/1.1/>>.

3.5.1.7 Ontspanning:

Ontspanning is fundamenteel vir die effektiewe gebruik van die liggaam, nie net in drama nie, maar ook om daaglikse roetines met maksimale doeltreffendheid te gebruik.

Ontspanningsoefening

Skouers

- Strek die arms op so hoog soos jy kan.
- Kyk op.
- Laat val jou arms.
- Herhaal vier keer.

- Skud jou skouers.
- Lig hulle op so hoog soos jy kan.
- Hou vir 'n oomblik.
- Laat sak.
- Herhaal vier keer.

- Rol jou kop versigtig vier keer in die rondte – eers kloksgewys en dan anti-kloksgewys.
- Stel jou voor dat 'n sterk elastiese rek van jou kop, deur jou ruggraat tot by die laaste werwel in jou rug loop.
- Stel jou voor die rek word getrek en dat dit jou kop versigtig lig en jou ruggraat reguit maak.
- Laat jou kop en rug versigtig bons en opwaarts strek.
- Laat jou kop na bo 'dryf' sonder hulp van jou skouers.

Gesig

- Trek die snaaksste en afskuwelikste gesigte wat jy kan.
- Strek en tuit jou lippe.
- Bol jou wange.
- Trek jou oë op skrefies en maak hulle dan wyd oop.
- Frons en ontspan.
- Beweeg jou kakebeen.
- Skud jou kop.

Arms en hande

- Swaai jou arms soos 'n windmeul.
- Beweeg jou arms soos 'n voël wat vlieg.
- Lig jou arms en laat sak asof jy in water is.
- Skud jou hande en jou vingers.
- Speel klavier met jou vingers.
- Draai jou hande vanaf jou gewrigte, kloksgewys en dan anti-kloksgewys.

Bolyf

- Asem in deur jou neus.
- Asem uit deur jou mond, draai jou heupe in die rondte, eers links, dan regs.
- Staan met jou voete effens uitmekaar en asem in.
- Strek sover as wat jy kan en, laat sak jou bolyf vorentoe vanaf jou heupe soos jy uitasem, eers jou arms, kop, skouers en dan bors.
- Laat jou rug vorentoe krul.

- Laat hang jou kop vir ‘n oomblik.
- Asem in en krul op.
- Strek op soos ‘n kat.
- Herhaal vier keer.

Enkels en Voete

- Skud elke been.
- Trek elke voet saam en ontspan.
- Hardloop liggies op die plek op die balle van jou voete.
- Staan op een been – lig die ander been effens – draai jou voet vanaf die enkel.
- Ruil bene om.
- Skop met elke been (soos ‘n voetbalspeler).
- Bons liggies op die balle van jou voete.
- Verander jou gewig van voet na voet.
- Strek op en asem in.
- Staan stil – haal gemaklik asem.

3.5.1.8 Asemhaling

Goeie asemhaling is ‘n belangrike vereiste vir goeie stemprojeksie.

Asemhalingsoefening:

- Staan gemaklik en regop met jou voete van mekaar af.
- Plaas die agterkante van jou hande op jou lae-ribbes.
- Maak seker dat jou skouers los is en nie gelig is nie.
- Asem in, sonder ‘n geluid, vir ‘n telling van een-twee-drie.
- Voel hoe die ribbes uitbeweeg en jou hande wegstoot.
- Asem versigtig uit vir drie tellings.
- Herhaal ses keer.

3.5.1.9 Resonansie

Resonansie is die geluid of klank wat die liggaam kan voortbring.

Jy is afhanklik van die resonansie-holtes vir die kwaliteit van die klank wat jy voortbring.

Die resonansie-holtes is die farinks (keel), die mond en die nasale en sinusholtes.

Asemhaling prikkel die stembande, en die klank kry resonansie in hierdie holtes.

Resonansie-oefening:

- Staan regop – arms langs jou sye.
- Asem natuurlik in en uit ‘n paar keer.
- Asem dan vinnig in deur ‘n oop mond, projekteer jou klanke oor die kamer en sê hardop ‘een’; asem in: ‘een-twee’; asem in: ‘een-twee-drie’; en so aan tot by tien.

3.5.1.10 Toon

Toon is die kwaliteit van die klank wat jy maak, die kleur van die stem.

Toonoefening:

- Sê die volgende reël met jou kakebeen toe, maar jou lippe oop:

Ek het ‘n man ontmoet met ‘n piesang in sy oor!

- Die resultaat sal nasaal en wollerig klink.
- Maak jou kakebeen oop en ontspanne.
- Sê weer die reël.
- Sê die reël in 'n diep stem.
- Dit sal grof klink, omdat jy jou ken afgetrek het en jou bors uitgesteek het.
- Sê weer die reël terwyl jy jou neus toeknyp.
- Dit sal 'n komiese onherkenbare klank hê.

3.5.1.11 Artikulasie

Artikulasie word bepaal deur die uitspreek van klinkers (vokale) en konsonante.

Die vokale is: **a e i o u**

Die konsonante is die res van die alfabet.

Oefeninge vir die kakebeen, lippe en tong:

Die Kakebeen

- Beweeg jou kakebeen van kant tot kant, op en af, vorentoe en agtertoe.
- Strek jou lippe wyd en tuit hulle.
- Druk jou lippe sover na bo as moontlik en dan af.
- Herhaal ses keer.

Die Tong

- Steek jou tong uit en trek terug – herhaal ses keer.
- Druk jou tong sover vorentoe as wat jy kan en draai dit in albei rigtings.
- Probeer die tippie van jou neus met jou tong raak.
- Probeer die punt van jou ken met jou tong raak.
- Met jou lippe oop, druk jou tong uit en trek die kante van jou tong op – maak 'n tuit met jou tong.
- Herhaal ses keer.

Die Klanke

Herhaal hierdie klanke soveel keer as wat jy kan en sê dit duidelik en hoorbaar. Geniet dit!:

- Hah Hoo Hah Hee Ha Hoo Hah Hee
- Mah Nah Moo Noo May Nay Mee Nee
- PahBah BahPah PahBah Bah Pah
- KooGoo GooKoo KooGoo GooKoo
- DayTay DayTay DayTay TayDay

3.5.1.12 Opwarmingsoefening:

Opwarming is nie net om die liggaam te ontspan en die liggaam en verbeelding te oefen nie, maar ook om selfvertroue op te doen en jou mede-leerders op dieselfde tyd beter te leer ken.

Opwarmingsoefening: Rooi, Blou, Geel

- Sit in 'n sirkel op stoele met 'n ruimte tussen elke stoel.
- Jou opvoeder sal elkeen van julle 'n kleur gee – blou of rooi.
- Vir die doel van hierdie oefening is presiese beweging, geen gesukkel en algehele STILTE noodsaaklik.
- Op die bevel ROOI moet al die Rooies opstaan en op 'n ander stoel gaan sit.
- Op die bevel BLOU, moet die Bloues 'n ander stoel vind.
- Op die bevel GEEL, moet almal 'n ander stoel vind.
- Varieer die beweging van stadige aksie tot vinnige aksies.
- Daar mag geen kontak wees nie.

3.5.1.12.1 Aktiwiteit 2:**3.5.1.12.2 Om ‘n storie uit Afrika te ontwikkel tot ‘n drama: DIE SKILPAD EN DIE AKKEDIS****3.5.1.12.3 [LU 1.5]**

- Noudat jou liggaam goed opgewarm is en jou stem gereed is, gaan jy ‘n drama, gebaseer op ‘n storie uit Afrika, skep en opvoer. Jou opvoeder gaan vir jou die storie hardop voorlees.
- Luister aandagtig en probeer die storie visualiseer, terwyl jy daarna luister.

3.5.1.12.3.1 DIE SKILPAD EN DIE AKKEDIS

Die Skilpad het al sy sout opgebruik en hy het sy kos sonder sout so smaakloos gevind, dat hy besluit het om sy broer te gaan vra of hy nie vir hom sout kan leen nie. Sy broer het baie gehad.

“Hoe gaan jy dit by jou huis kry?” het hy vir Skilpad gevra.

“As jy die sout in ‘n stuk baslap toedraai en vasmaak met tou, kan ek die tou oor my skouer gooi en die pakkie op die grond agter my aansleep,” sê Skilpad.

“ ‘n Wonderlike idee!” roep sy broer uit, en hulle draai die sout netjies toe.

Skilpad begin sy lang, stadige tog terug huis toe, met die bondel sout wat bom, bom, bom op die grond agter hom aansleep. Skielik, met ‘n ruk, kom hy tot stilstand en toe hy omdraai, sien hy dat ‘n groot akkedis op die pakkie sout gespring het en daar sit en hom aanstaar.

“Loop van my sout af!” roep Skilpad uit. “Hoe verwag jy van my om dit huis toe te sleep met jou daar bo-op?”

“Dis nie jou sout nie!” antwoord die akkedis. “Ek het met die pad afgeloop en toe sien ek die bondel daar lê, so dit behoort nou aan my.”

“Twak!” sê Skilpad. “Jy weet dit is myne, want ek hou dan die tou vas waarmee dit vasgebind is.”

Maar die akkedis hou aan dat hy die pakkie in die pad sien lê het en weier om af te klim, tensy Skilpad saam met hom na die oudstes van die stam gaan en die saak in die hof verhoor word.

Arme Skilpad moes instem en saam het hulle na die oudstes van die stam gegaan. Skilpad het eerste sy saak gestel en verduidelik dat sy arms en bene so kort is dat hy altyd pakkies agter hom moet sleep.

Die akkedis stel toe sy saak en sê dat hy die pakkie in die pad sien lê het. “As jy iets in die pad optel, behoort dit mos aan jou!” sê die akkedis.

Die ou mans het die saak ernstig bespreek vir ‘n lang tyd; maar baie van hulle was familie van die akkedis en het gedink dat hulle dalk ‘n deel van die sout kan kry, daarom het hulle uiteindelik besluit dat die pakkie in twee gedeeltes moet word, en dat elke dier die helfte moes kry. Skilpad was baie teleurgesteld, omdat hy geweet het dat dit eintlik sy sout was, maar hy het gesug en hulle die pakkie laat opdeel.

Die akkedis het onmiddellik die helfte gevat wat met die grootste deel van die lap bedek was, en vir arme Skilpad gelos met meeste van die sout versprei oor die grond. Skilpad het tevergeefs sy sout probeer bymekaar skraap. Sy hande was te klein en die lap was te klein om dit mee toe te maak. Uiteindelik het hy huis toe gegaan, met net ‘n klein hoeveelheid van sy deel, toegemaak in blare en die res van die lap, terwyl die oudstes van die stam die res opgeskraap het en geneem het na hulle vrouens.

Skilpad se vrou was baie teleurgesteld toe sy sien hoe min sout hy gebring het en toe hy haar die hele storie vertel het, was sy baie omgekrap oor die manier waarop hy handel is. Die lang, stadige tog het hom moeg gemaak, en hy moes vir baie dae rus.

Maar hoewel Skilpad so stadig is, is hy ook baie slim en het hy uiteindelik aan ‘n plan gedink om die akkedis te uitoorlê. Hy groet toe sy vrou en durf die pad na die akkedis se huis met ‘n glinster in sy oog aan. Na ‘n lang tyd sien hy die akkedis wat besig is om ‘n maaltyd van vlieënde miere te geniet.

Stadig en stil bekruipe Skilpad die akkedis van agter en plaas sy hande op die middel van die akkedis se lyf.

“Kyk wat het ek gekry!” roep Skilpad uit.

“Wat doen jy?” vra die verwilderde akkedis.

“Ek het rustig met die pad afgeloop toe ek iets sien wat daar lê,” verduidelik Skilpad. “Toe tel ek dit op en nou behoort dit aan my, net soos jy my sout opgetel het die ander dag.”

Die akkedis probeer homself los wikkel en beveel Skilpad om hom vry te laat, maar Skilpad dring daarop aan dat hulle hof toe gaan sodat die oudstes van die stam ‘n uitspraak kan gee.

Die ou mans het belangstellend na albei kante van die saak geluister, en toe sê een: “As ons regverdig moet wees, moet ons dieselfde uitspraak lewer soos met die sout.”

“Ja,” se die ander, en knik hulle wit koppe, “ons het die sak sout in twee gesny, daarom moet ons die akkedis ook in twee sny, en Skilpad kan die helfte kry.”

“Dit klink regverdig”, antwoord Skilpad, en voordat die akkedis kon ontsnap, het hy ‘n mes van een van die oudstes se gordel gegryp en die akkedis in die helfte deur gesny. Dit was die einde van die gulsige akkedis.

Nadat jou opvoeder die storie gelees het, volg die riglyne om jou toneelstukkie van “Die Skilpad en die Akkedis” te skryf.

Die volgende vorm kan jou dalk van hulp wees om jou drama te struktureer.

- Die storielyn:

- Die plekke/tonele waar die aksie plaasvind:

- Die karakters:

- Die rekwisiete:

1. Skryf van die toneelstuk

- Volg die riglyne en skryf jou eie drama, gebaseer op hierdie storie.
- Onthou om toneel aanwysings in te sluit.
- Jy kan die dialoog van die storie gebruik of jou eie dialoog skep.

2. Die Opvoering

- Jou opvoeder sal ‘n aantal toneelstukke kies wat deur julle geskryf is.
- Die klas sal opgedeel word in groepe, afhangende van die aantal toneelstukke wat gekies is.
- Vul die volgende portefeuljes in:

	NAME
- karakters (rolle)	
- regisseur	
- rekwisietemeester	
- verhoogassistent	
- souffleur	

Table 3.13

- Oefen julle toneelstuk.
- Voer jou toneelstuk op vir die res van die klas.

3.5.1.13 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
SKEPPING, INTERPRETERING EN PRESENTERING Die leerder kan in elk van die kunsvorme skep, interpreteer en werk presenteer.
Asseseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
DANS
1.1 demonstreer toenemende vaardighede en begrip van opwarming tydens liggaamsvoorbereiding, insluitend:
<ul style="list-style-type: none"> • die ontwikkeling van ruggraatbuigsaamheid en krag;
<ul style="list-style-type: none"> • die beheerde en ontspanne gebruik van die gewigte, veral die knieë, heupe en enkels;
1.2 improviseer en skep dansreekse wat die volgende gebruik:
<ul style="list-style-type: none"> • passies en style uit verskillende Suid-Afrikaanse dansvorms;
<ul style="list-style-type: none"> • kostuums, rekwisiete, beelde en musiek;
<ul style="list-style-type: none"> • wisselende energie, soos spanning en ontspanning, stilte en vloeiing;
<ul style="list-style-type: none"> • persoonlike en algemene ruimte;
1.3 leer, interpreteer en voer danse uit die Suid-Afrikaanse kultuur bevoeg en in die gepaste styl op.
<i>continued on next page</i>

DRAMA
1.4 voer eenvoudige ontspannings-, asemhalings-, resonansie-, toonhoogte- en artikulasie-oefeninge uit wanneer die stem en liggaam opgewarm en afgekoel word;
1.5 gebruik Afrikastories om drama te ontwikkel wat:
<ul style="list-style-type: none"> • 'n duidelike intrige het;
<ul style="list-style-type: none"> • kernmomente uitlig;
<ul style="list-style-type: none"> • geloofwaardige karakters bevat;
<ul style="list-style-type: none"> • ruimte doeltreffend gebruik;

Table 3.14

3.5.2 Om met toenemende vaardigheid op te warm⁶

3.5.2.1 KUNS EN KULTUUR

3.5.2.2 Graad 6

3.5.2.3 SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

3.5.2.4 Module 14

3.5.2.5 OM MET TOENEMENDE VAARDIGHEID OP TE WARM

3.5.2.6 Dans

Voordat jy enige van die aktiwiteite kan uitvoer, moet jy jou liggaam opwarm. Die opwarmingsoefening sal verhoed dat jy gedurende die dansbewegings seerkry en sal die aktiwiteite makliker maak om uit te voer.

3.5.2.6.1 Aktiwiteit 1:

3.5.2.6.2 Om met toenemende vaardigheid op te warm

3.5.2.6.3 [LU 1.1]

- Voordat jy enige van die aktiwiteite kan uitvoer, moet jy jou liggaam opwarm. Die opwarmingsoefening sal verhoed dat jy gedurende die danse seerkry en sal die aktiwiteite makliker maak om uit te voer.

Vorbereiding - staan met jou voete 'n heupwydte van mekaar af, voete vorentoe, arms langs die sye. Onthou:

- Dit is belangrik om jou liggaamslyn te behou om die spesifieke spiere wat opgewarm word, te isoleer.
- Korrekte liggaamslyne sal beserings verhoed.
- Beweeg slegs die liggaamsdele en spiere soos voorgeskryf.

⁶This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24607/1.1/>>.

Asemhalingsoefening

- Asem in deur die neus vir vier tellings en lig die arms geleidelik sywaarts op.
- Strek jou ruggraat.
- Asem uit deur jou mond vir vier tellings en laat jou arms geleidelik sak.
- Herhaal asemhalingsoefening.
- Staar met jou voete 'n heupwydte van mekaar af, knieë effens gebuig, arms langs jou sye.

Kop- en nek-isolasies

- Staar met jou voete 'n heupwydte van mekaar af, voete vorentoe, arms langs die sye.
- Sak en lig jou kop, van kant tot kant (herhaal agt keer).
- Maak halvesirkels met jou kop van regs na links, dan links na regs (herhaal agt keer):
- moenie enige ander deel van jou liggaam beweeg nie;
- hou voete stewig op die vloer;
- moenie jou knieë sluit nie.

Skouer-isolasies

- Lig jou regterskouer, laat sak, lig dan jou linkerskouer, laat sak. (herhaal agt keer).
- Draai regterskouer, dan linkerskouer. (herhaal agt keer).
- Kombineer kop- en skoueroefeninge:
 - kop op, af, regs, links, draai
 - skouers op, af, draai
 - herhaal agt keer
- Moenie die res van jou liggaam beweeg nie.
- Probeer jou skouers so hoog as moontlik oplig sodat die strek effektief kan wees.
- Moenie jou kop beweeg nie; kyk vorentoe.
- Beweeg van kant tot kant op een plek.
- Lig albei arms op en uit na die kante op maat van die musiek, terwyl jy nog steeds van kant tot kant beweeg op een plek (herhaal agt keer).
- Hou beweging – laat sak jou arms – draai skouers om die beurt (herhaal agt keer).
- Hou beweging – draai skouers in die ander rigting (herhaal agt keer).
- Buig en maak knieë reguit – stoot boude uit – knieë en voete wys vorentoe (herhaal agt keer).
- Stap op die plek op maat van die musiek vir agt tellings.
- Stap vorentoe vir vier tellings.
- Stap agtertoe vir vier tellings.
- Herhaal agt keer.
- Voeg armbewegings by die stapaksie:
 - arms reguit, op en af na die kant, voor, bo die kop
 - arms gebuig by die elmboog, opgelig op en af voor, na die kant en af
 - swaai arms vorentoe en agtertoe terwyl jy stap
 - maak sirkelbewegings met die arms.

Dyspieroopwarming

- Bly op een plek en lig jou knieë om die beurt op en af.
- Herhaal agt keer.
- Beweeg vorentoe terwyl jy jou knieë lig (vier keer).
- Beweeg agtertoe terwyl jy jou knieë lig (vier keer).
- Herhaal agt keer.
- Voeg armbewegings by terwyl jy vorentoe en agtertoe beweeg.

Hampeesopwarming

- Tree na die regterkant (kyk vorentoe), lig linkerbeen op agter jou, buig jou knie.
- Tree na links (kyk vorentoe), lig jou regterbeen op agter jou, buig jou knie.
- Herhaal agt keer.
- Tree vorentoe terwyl jy jou been agtertoe oplig (vier keer).
- Tree agtertoe (vier keer).
- Voeg armbewegings by.

Rugopwarming

- Buig jou knieë – voete en knieë vorentoe, boude uit, plaas jou hande op jou knieë, trek jou rug op (soos ‘n kat) en ontspan (herhaal agt keer).

Leun

- Bly in vorige posisie – lig tone om die beurt – hou hakke op die vloer (herhaal agt keer).
- Lig hakke om die beurt (herhaal agt keer).
- Maak bene wyer oop – sit jou hande op jou heupe – voete en knieë wys na buite – leun van kant tot kant – hou voete stewig op die vloer (herhaal agt keer).
- Leun na regs en hou strek vir vier tellings.
- Leun na links en hou strek vir vier tellings.
- Kom terug in plië-posisie (knieë gebuig, knieë en voete na buite) – hande op heupe – buig en maak knieë reguit (herhaal agt keer).
- Hou bene oop en knieë gebuig en lig jou voete om die beurt terwyl jy op een plek bly (herhaal agt keer).
- Bring voete na mekaar toe en stap op die plek (agt tellings).
- Stap op een plek met voete bymekaar en dan oop vir agt tellings
- Stap op een plek – lig arms op en af (herhaal agt keer).
- Stap op een plek – herhaal asemhalingsoefening.

Die opwarming moenie minder as drie minute en nie langer as vyf minute wees nie. Jy moet normaal regdeur hierdie oefening asemhaal.

3.5.2.6.4 Aktiwiteit 2:

3.5.2.6.5 Om danse van Suid-Afrika te skep: DIE “GUMBOOT”-DANS

3.5.2.6.6 [LU 1.2]

3.5.2.7 Agtergrond:

“Gumboot”-danse was geskep in die goudmyne gedurende die Suid-Afrikaanse Apartheid-era. Die mynwerkers het rubberstewels in die myne gedra en ‘n uitbundige en baie fisiese dans ontwikkel gedurende hulle afdag, met invloede van Duitse volksdanse, tradisionele Zulu-bewegings en westerse invloede.

Die mynwerkers in die myne is verhoed om met mekaar te praat en dus het hulle 'n unieke manier van kommunikasie ontwikkel deur hulle rubberstewels te slaan en hulle enkelkettings te ratel.

Die musiek:

- Verwys na Graad 6 Module 4: Musiek.

Die kostuum:

- Dra 'n sweetpakkbroek om jou bene te beskerm wanneer jy gedurende die dansbewegings teen jou bene klap.
- Dra 'n paar rubberstewels wat driekwart van jou been beskerm.
- Dra twee of drie pare sokkies/kouse onder die stewels om jou enkels te beskerm.

Die postuur/liggaamshouding:

- Effens gebuig – soos in 'n sitposisie.

Die inleidende beweging:

- Bolyf reguit en stil.
- Bene swaai van kant tot kant.




Figure 3.4

Die 'vee'-beweging:

- Neem een voet terug en vee die vloer met jou voet soos jy die been terug bring na die beginposisie.
- Ruil bene om.




Figure 3.5

Die 'kantklap op die stewel':

- Lig een been effens van die vloer af op na die kant – buig knie effens – buig liggaam effens vorentoe.
- Klap die kant van die stewel soos die been opkom.

- Bring been af en maak liggaam reguit.




Figure 3.6

Hierdie bewegings is die fundamentele dansbewegings .

Die aandag-sekwens

- Hersien weer die fundamentele dansbewegings.
- Fokus op die kantklap van die stewel.
- Voer die aandag-sekwens uit en deel dit op in drie dele:
 - die regter-beweging
 - die regter-linker-beweging
 - die een-aandag! twee-aandag!-sekwens
- Verwys na die danstranskripsie van die aandag-sekwens.
- Herhaal die sekwens soveel keer as moontlik.

Transkripsie van die aandag-sekwens:

- Stamp regtervoet op die grond.
- Stamp linkervoet op die grond.
- Regterhand klap die regterstewel – voet gelig van die grond af.
- Stewels teenmekaar.
- Klap hande voor die liggaam.
- Regtervoet stamp op die grond.
- Linkervoet stamp op die grond.
- Altwee voete stamp op die grond.
- Linkerhand slaan linkerstewel (voet op grond).
- Regterhand slaan regterstewel (voet op grond).
- Regterhand klap op regterstewel (voet gelig van grond af).

- Linkerhand klap op die linkerstewel (voet gelig van die grond af).
 - Stewels saam.
 - Linker- en regterstewels beweeg na mekaar.
-
- Regterhand klap, dan linkerhand klap op linkerstewel (voet van grond af).
 - Regterhand klap, dan linkerhand klap op regterstewel (voet gelig van grond af).
 - Linkerstewel skop regterstewel.
 - Regterstewel skop linkerstewel.
 - Linkerstewel swaai na regterstewel.
 - Regterstewel swaai na linkerstewel.
-
- Regterstewel (gelig van die grond af) slaan op die binnekant met linkerhand.
 - Linkerstewel (gelig van die grond af) slaan op die binnekant met die regterhand.
 - Klap hande voor liggaam.
 - Regterhand beweeg op na voorkop – asof jy ‘n keppie vashou.
 - Regterhand af langs sy.

Herhaal sekvens.

3.5.2.7.1 Aktiwiteit 3:

3.5.2.7.2 Om die spiere af te koel en te strek na afloop van die oefeninge

3.5.2.7.3 [LU 1.3]

- Dit is belangrik om die spiere wat gedurende die oefeninge gebruik is te strek, anders sal jy stywe spiere vir die volgende drie dae ervaar.

Kies musiek met ‘n stadige tempo.

- Lê op jou rug op die vloer – arms bo jou kop uitgestrek – bene reguit.
 - Strek jou liggaam deur met jou hande te reik en jou tone te punt (hou strek vir agt tellings en ontspan).
 - Bring arms af na sye.
 - Buig jou knieë, maar hou jou voete op die vloer.
 - Bring een been na jou bolyf – trek die been met albei hande na jou bolyf toe – jou knie is nog steeds gebuig (hou vir agt tellings).
-
- Maak die been reguit en trek die reguit been na jou kop toe (moenie die strek forseer nie) (hou vir agt tellings).
-
- Ruil bene om.
 - Bring albei bene gebuig na jou bolyf en trek jou bene in met albei hande – lig jou kop en skouers effens (hou vir agt tellings).
-
- Maak albei bene reguit – hande agter jou knieë –beweeg jou voete – trek jou reguit bene stadig na jou kop totdat jy die strek agter jou bene voel (hampees) – hou strek vir agt tellings.
-
- Maak jou bene toe – hou bene reguit – beweeg jou voete – hou strek vir agt tellings.
 - Laat sak jou bene na links – hou jou bolyf en skouers op die vloer – arms uitgestrek na die kante.

- Ruil om na regterkant.
- Bring bene weer na middel – sit regop – knieë gebuig – hande op knieë – maak jou rug reguit – trek jou bolyf deur jou bene met jou hande op jou knieë.
- Kom stadig orent deur jou boude van die vloer af te lig.
- Krul stadig op – hou bene gebuig – en laat jou kop laaste opkom.
- Skud alle ledemate.
- Alle strekke moet vir agt tellings gehou word.
- Die afkoel en strek moet nie korter as drie minute en nie langer as vyf minute wees nie.
- Alle strekke moet stadig uitgevoer word om beserings te vermy.

3.5.2.8 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
SKEPPING, INTERPRETERING EN PRESENTERING Die leerder kan in elk van die kunsvorme skep, interpreteer en werk presenteer.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
DANS
1.1 demonstreer toenemende vaardighede en begrip van opwarming tydens liggaamsvoorbereiding, insluitend:
<ul style="list-style-type: none"> • die ontwikkeling van ruggraatbuigsaamheid en krag;
<ul style="list-style-type: none"> • die beheerde en ontspanne gebruik van die gewrigte, veral die knieë, heupe en enkels;
1.2 improviseer en skep dansreekse wat die volgende gebruik:
<ul style="list-style-type: none"> • passies en style uit verskillende Suid-Afrikaanse dansvorms;
<i>continued on next page</i>

<ul style="list-style-type: none"> • kostuums, rekwisiete, beelde en musiek;
<ul style="list-style-type: none"> • wisselende energie, soos spanning en ontspanning, stilte en vloeiing;
<ul style="list-style-type: none"> • persoonlike en algemene ruimte;
1.3 leer, interpreteer en voer danse uit die Suid-Afrikaanse kultuur bevoeg en in die gepaste styl op.

Table 3.15

3.5.3 Om ruimte deur perspektief te verken⁷

3.5.3.1 KUNS EN KULTUUR

3.5.3.2 Graad 6

3.5.3.3 SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

3.5.3.4 Module 15

3.5.3.5 OM RUIMTE DEUR PERSPEKTIEF TE VERKEN

Visuele Kuns

Goeie dag! Ons hoop jy gaan die volgende program geniet – jy gaan daarna anders na huise en geboue kyk!

Aktiwiteit 1:

Om ruimte deur perspektief te verken

[LU 1.7]

- Jy het al met **kleur, lyn, toonwaardes, patroon, kunsvorme** en ook **skaal** kennis gemaak.
- In hierdie leereenheid sal daar op **skaal** en **perspektief** gefokus word. **Ruimte** en **perspektief** sal verder verken word in ‘n projek waar twee- en drie-dimensionaliteit gekombineer word.
- **‘Perspektief’** is ‘n metode om die gevoel van ruimte en afstand in ‘n prent te skep.

Jou opvoeder gaan jou help om die volgende te doen:

STAP 1

Kyk eers na die **parallele** lyne in die klas. Kyk byvoorbeeld na die bo- en onderkante van die deur en die vensters. Die lyne waar die muur by die plafon en die vloer aansluit, is ook parallel. Dit beteken dat die afstand tussen die plafon en die vloer aan die een kant van die muur presies dieselfde as die afstand aan die ander kant is. Kyk na die prentjie van ‘n gebou hieronder en trek dan met die linaal strepe op die grond, die onder- en bokante van die deur(e) en venster(s), die onderste deel van die dak en die boonste deel van die dak.

⁷This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25866/1.1/>>.



Figure 3.7

STAP 2

Soek 'n foto van 'n huis of gebou wat vanuit 'n skuinshoek gesien word. Huisagente se pamflette of die huisgids in die koerant kan hier van groot hulp wees. Plak die foto op 'n bladsy. Trek weereens dieselfde lyne soos in Stap 1, maar trek die lyne verby die huis of gebou se einde. Wat gebeur met die lyne? Verleng nou die lyne tot hulle by een punt bymekaar kom. Dit mag dalk van die bladsy af gebeur.




Figure 3.8

STAP 3

Teken eers die voorkant van 'n huis in potlood. Trek dan horisontale en parallelle lyne deur die volgende dele van die huis: die bokant van die dak, die onderkant van die dak, die bo- en onderkante van die vensters en deur(e) en die onderkant van die muur op die grond. Die tekening mag slegs in **lyn** gedoen word. Trek nou 'n vertikale lyn aan die kant van die huis en plaas 'n kolletjie op elke plek waar die horisontale lyne met die vertikale lyn kruis.




Figure 3.9

STAP 4

Neem 'n ander bladsy en kopieer aan die regterkant van die bladsy die vertikale lyn met die kolletjies wat jy in die vorige stap gedoen het. Trek dan 'n horisontale grondlyn aan die onderkant, waar die laagste kolletjie op die vertikale lyn lê, dwarsoor die bladsy. Maak aan die linkerkant van die bladsy 'n kolletjie op daardie grondlyn. Hierdie kolletjie aan die linkerkant moet dan deur middel van **sagte** potloodlyne met die kolletjies op die vertikale lyn verbind word. Die res van die huis kan daarna deur middel van verdere vertikale lyne geteken word. Hierdie metode kan herhaal word om 'n klomp huise langs mekaar, of selfs 'n hele straat van huise, te skep.




Figure 3.10

Aktiwiteit 2:

Om 'n straat van huise in perspektief te skep

[LU 1.7]

- Nou gaan jy meer huise in perspektief teken en dieselfde tegniek gebruik! Jou opvoeder sal weer help:

Stap 1

Trek 'n horisontale lyn amper aan die onderkant van die papier, wat dwars gedraai is. Maak dan 'n kolletjie min of meer in die middel van daardie lyn. Herhaal die proses in Stap 4 van die vorige aktiwiteit aan beide kante van die papier om sodoende 'n straattoneel te skep. In die agtergrond kan jy lug met wolke, berge of bome inteken om die toneel te voltooi. Daarna moet jy dele van die huise aan die voorkant van jou tekening, naaste aan jou, toeplak met riefelkarton. Laastens kan jy pastelle, kryte, verf of 'n kombinasie daarvan gebruik om kleur aan die prent te gee.




Figure 3.11

Onthou dat warm kleure vorentoe kom en koue kleure agtertoe beweeg. Gebruik dus die warmer kleure voor en die koue kleure na agter om die gevoel van afstand nog verder te beklemtoon.

Hierdie straattoneel kan op groter skaal as agtergrond vir 'n poppeteater dien of, op 'n baie groot skaal, as agtergrond vir 'n drama-opvoering.




Figure 3.12

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
SKEPPING, INTERPRETERING EN PRESENTERING Die leerder kan in elk van die kunsvorme skep, interpreteer en werk presenteer.
<i>continued on next page</i>

Asseseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
VISUELE KUNSTE
1.7 omskep visuele inligting in gestruktureerde komposisies op werklike of denkbeeldige Suid-Afrikaanse situasies wat individueel geselekteer is, deur gebruik te maak van beskikbare materiaal en gepaste tegnieke in sowel tweedimensionele as driedimensionele werk.

Table 3.16

3.5.4 Om 'n eenvoudige melodie te lees⁸

3.5.4.1 KUNS EN KULTUUR

3.5.4.2 Graad 6

3.5.4.3 SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

3.5.4.4 Module 16

3.5.4.5 OM 'N EENVOUDIGE MELODIE TE LEES

Musiek

Aktiwiteit 1:

Om eenvoudige melodieë te lees

[LU 1.6]

Stap 1

Luister na gedeeltes van “*I just can’t wait to be king*” en “*Can you feel the love tonight?*” uit “*Lion King*”.

Stap 2

Kan jy die volgende twee frases saamsing?

“ I’m gonna be a mighty king, so enemies beware!” en

“ Can you feel the love tonight, the peace the evening brings?”

Stap 3

Trek 'n grafiek van die twee melodieë om styging en daling (toonhoogte) uit te beeld:

I’m gonna be a mighty king, so enemies beware!
--

Can you feel the love tonight, the peace the evening brings?
--

Table 3.17

Stap 4

⁸This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25973/1.1/>>.




Figure 3.13

- Gee die lettername van die note op die lyne:
 Gee die lettername van die note in die spasies:
 Stap 5
 Bestudeer die gegewe notasie en voer dan die opdragte uit:
 (i) Teken grafieke van die gegewe notasie-voorbeelde.
 Is daar enige ooreenkomste met die grafieke in STAP 3?
 Stap 6
 (ii) Kies die regte titel vir elke notasie-voorbeeld.
 Stap 7
 (iii) Voeg die lettername van die note by.



Figure 3.14

TITEL:



Figure 3.15

Grafiek				
Lettername				

Table 3.18

TITEL:



Figure 3.16

Grafiek				
Lettername				

Table 3.19

Aktiwiteit 2:
 Om handtegnieke vir trom te ondersoek
 [LU 1.6]




Figure 3.17

Speel op 'n Djembe! As jy nie een tot jou beskikking het nie.....

*enige klankvoorwerp wat
kan funksioneer as 'n trom*

enige ander trom

*maak 'n trom
maak 'n trom*

liggaamsperkussie

Figure 3.18

Hoe verkry ons klank op strykinstrumente?

- Sodra 'n mens die strykstok oor die snaar trek (stryk), **vibreer die snaar**. Dit veroorsaak klank! Hoe

langer die snaar is, hoe laer is die klank; hoe korter die snaar, hoe hoër is die klank.

- Om die snare korter of langer te maak, druk die linkerhand op die snare.

Hoe verkry ons klank op 'n blaasinstrument?

- Sodra in die pyp geblaas word, **vibreer die lug** binne in die pyp. Dit veroorsaak klank!
- Deur die gate oop of toe te maak, verander die toonhoogte.
- Hoe langer die lugkolom, hoe laer is die klank; hoe korter die lugkolom, hoe hoër die klank.

Hoe verkry ons klank op 'n trom?

- Die **lugkolom** binne in die trom **vibreer** as op die tromvel gekap word.
- Die toonhoogte word bepaal wáár jy op die tromkop kap:
 - In die middel – laer basklank
 - By die kant – hoër klank
- Daar is heelwat tegnieke in die speel van handtromme. Dit wissel van area tot area, trom tot trom.
- Ons gaan volstaan met die volgende twee moontlikhede:
 - Met die **volhand**, oop en plat, (kap-aksie) in die **middel** van die tromkop: lae klank (“bass”)
 - Met al die **vingers** aan die **kant** van die tromkop: hoë klank (“tone”).




Figure 3.19

Handtegië en Vingertegniek
Oefen die volgende moontlikhede:

R	L	r	l
- Regterhand (plat-hand). - Middel van trom (lae klank).	- Linkerhand (plat-hand). - Middel van trom (lae klank).	- Regterhand (vingers). - Kant van tromkop (hoë klank).	- Linkerhand (vingers). - Kant van tromkop (hoë klank).

Table 3.20

Aktiwiteit 3:
Om eenvoudige ritme-patrone op trom te speel
[LU 1.6]

RITME IS DIE HARTKLOP VAN AFRIKA



Figure 3.20

Hoe klink 'n mens se hartklop? (laaank-kort)

Aktiwiteit 4:

Om musikale frases te improviseer

[LU 1.6]

Stap 1 (inleidend)

PRATENDE TROMME VAN AFRIKA

Laat jou trom die praatwerk doen!




Figure 3.21

Kan jy die volgende ontsyfer EN speel?

1	2	3	4	1	2	3	4
R				R			
R		L		R		L	
R	L			R	L		
l	R	l	r	L	R	l	r
l		l	r	L		l	r
	l	r	l		l	r	l
l	R			l	R		
R	l	r	l	R	l	r	l

Table 3.21

Probeer nou twee patrone kombineer:

1	2	3	4	1	2	3	4
R		L			l	r	l
l	R			L	R	l	r
	l	r	l	R		L	
R	L			R		L	
R	l	r	l	R	l	r	l
R				l	R		

Table 3.22

Lied van die Dobbelsteen:
Benodighede:




Figure 3.22

Vorbereiding:

Verdeel in ses groepe: nommers 1 tot 6.

Elke groep skep 'n ritme-patroon in vier maatslag (agt tellings in totaal).

Besluit watter handtegnieke julle gaan gebruik.

Besluit waar julle dinamiek gaan gebruik: hard of sag, crescendo (geleidelik harder) of diminuendo (geleidelik sagter).

OEFEN die patroon totdat julle dit ken! Tel hardop saam.

Die komposisie:

Juffrou (of leerders) gooi die dobbelsteen 'n paar maal en skryf die volgorde van die nommers op die bord neer.

Die groepe speel nou in die volgorde wat deur die dobbelsteen bepaal is. Bv. 1 6 4 1 2 5 1 ens.

Hierdie tipe musiek is in werklikheid *Kansmusiek*, een van die genres van 20ste eeu se klassieke musiek. Daar word ook selfs beweer dat Mozart soms hierdie metode gebruik het!

Moenie tussenin stop nie! Tel nog steeds **1 – 2 – 3 – 4 – 1 – 2 – 3 – 4 –** ens.

Om te eindig: Al die groepe speel saam hulle patrone twee maal. Luister na jou opvoeder – sy sal aandui hoe om **geleidelik** vinniger en harder te speel om sodoende op 'n hoogtepunt te eindig. Almal eindig met hulle hande in die lug!

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
SKEPPING, INTERPRETERING EN PRESENTERING Die leerder kan in elk van die kunsvorme skep, interpreteer en werk presenteer.
Asseseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
MUSIEK
1.6 fokus op 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse musiekvorms;
<ul style="list-style-type: none"> • improviseer en skep musiek frases met die stem en/of instrumente wat dinamika, artikulasie, toonhoogte en ritmiese patrone verken;
<ul style="list-style-type: none"> • speel eenvoudige ritmiese patrone op 'n trom of soortgelyke instrument;
<ul style="list-style-type: none"> • verken en gebruik tromslag-handtegnieke, so verken en gebruik handtegnieke vir trom (hand- en vingertegniek) die basis van die handpalm, die oop handpalm, en gedemp;
<i>continued on next page</i>

- lees en sing of speel die toonleer en eenvoudige melodieë in C majeur.

Table 3.23

Attributions

Collection: *Kuns en Kultuur Graad 6*
Edited by: Siyavula Uploaders
URL: <http://cnx.org/content/col11006/1.1/>
License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Visuele kuns: Kleur"
By: Siyavula Uploaders
URL: <http://cnx.org/content/m24307/1.1/>
Pages: 1-3
Copyright: Siyavula Uploaders
License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Om 'n kanon te sing"
By: Siyavula Uploaders
URL: <http://cnx.org/content/m24308/1.1/>
Pages: 3-10
Copyright: Siyavula Uploaders
License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Om dialoog met 'n maat te ontwikkel"
By: Siyavula Uploaders
URL: <http://cnx.org/content/m24309/1.1/>
Pages: 10-14
Copyright: Siyavula Uploaders
License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Opwarmings- en vaardigheidsbou"
By: Siyavula Uploaders
URL: <http://cnx.org/content/m24313/1.1/>
Pages: 14-16
Copyright: Siyavula Uploaders
License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Om rituele te identifiseer"
By: Siyavula Uploaders
URL: <http://cnx.org/content/m24336/1.1/>
Pages: 17-23
Copyright: Siyavula Uploaders
License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Om die belangrikheid van rituele te verduidelik"
By: Siyavula Uploaders
URL: <http://cnx.org/content/m24381/1.1/>
Pages: 23-26
Copyright: Siyavula Uploaders
License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Om 'n bepaalde ritueel na te vors"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24382/1.1/>

Pages: 26-30

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Om maskers as artefakte vir rituele te skep"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24386/1.1/>

Pages: 31-39

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Histoerese agtergrond van die danse van ouer mense"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24389/1.1/>

Pages: 41-44

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Om kunsvorme in die alledaagse lewe te klassifiseer"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24408/1.1/>

Pages: 44-48

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Musiek wat swaarkry uitbeeld"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25971/1.1/>

Pages: 48-53

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Verskillende tipes drama"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24400/1.1/>

Pages: 53-56

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Stemvoorbereiding"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24606/1.1/>

Pages: 56-63

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Om met toenemende vaardigheid op te warm"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24607/1.1/>

Pages: 63-70

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

ATTRIBUTIONS

85

Module: "Om ruimte deur perspektief te verken"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25866/1.1/>

Pages: 70-74

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Om 'n eenvoudige melodie te lees"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25973/1.1/>

Pages: 74-82

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

About Connexions

Since 1999, Connexions has been pioneering a global system where anyone can create course materials and make them fully accessible and easily reusable free of charge. We are a Web-based authoring, teaching and learning environment open to anyone interested in education, including students, teachers, professors and lifelong learners. We connect ideas and facilitate educational communities.

Connexions's modular, interactive courses are in use worldwide by universities, community colleges, K-12 schools, distance learners, and lifelong learners. Connexions materials are in many languages, including English, Spanish, Chinese, Japanese, Italian, Vietnamese, French, Portuguese, and Thai. Connexions is part of an exciting new information distribution system that allows for **Print on Demand Books**. Connexions has partnered with innovative on-demand publisher QOOP to accelerate the delivery of printed course materials and textbooks into classrooms worldwide at lower prices than traditional academic publishers.